




Kompass



Jaargang 15 no. 5

Mei 2006

Tema: Die probleemkind

- **Gestremde kind - gemeentelike verantwoordelikheid? 2**
- **Tug in 'n gereformeerde skool 4**
- **Sit tog stil!!! 6**
- Down-sindroom 8
- Venster op die Bybel: 2 Timóthéüs 10
- Positief omgaan met kinders 12
- Gesprekke met kinders 14
- Briewe van lesers:
God vra, tereg, na ons dankbaarheid 16
- Moet orreliste ook betaal word 17
- Nagmaal op Goeie Vrydag (2) 18
- Missionêre kerk (3) . 20
- Dooplidmate by nagmaal 23

'n DWASE SEUN WAT WYS GEWORD HET

Salomo was 'n dwase seun, toe word hy wys. Hy was nie méér dwaas as wat ons almal van geboorte is nie. Toe gee die Here hom groot wysheid, buitengewone wysheid. Dit was 'n gawe van die Here. En tog leer dié selfde man ons, onder inspirasie van die Heilige Gees, dat hy en alle ander mense net op een manier wys kan word: deur die tug lief te kry.

Die boek Spreuke hou twee seuns aan ons voor: 'n wyse en 'n dwase seun. Van geboorte is albei weens die sonde ewe dwaas. Ja, die dwase seun mag selfs van nature slimmer wees as die wyse seun. Die onderskeid tussen die wyse en die dwase seun is nie te verklaar aan die hand van natuurlike oorsake nie. Dit is die tug wat verstandig maak. Die wyse seun luister na tug; die dwase seun haat en verag die tug.

En so word die boek Spreuke aan ons voorgehou as die wyse onderrig van 'n liefdevolle vader aan sy verbondskind. Die totale onderrig word tug genoem. Want tug is dié soort onderrig wat reghelp. En as mense wat van nature blind en dwaas is, het ons nodig om voortdurend reggehelp te word. Ja, selfs nádat ons die nuwe lewe in Christus ontvang het, bly ons steeds soos skape wat voortdurend neig om af te dwaal. Soos 'n goeie herder bring Hy ons voortdurend terug met sy liefdevolle en wyse onderrig waardeur Hy ons reghelp. So lei Hy ons op die pad van die lewe, die ware lewe met God.

Die totale Woord van God is juis dié soort onderrig wat ons reghelp, wat ons van die pad wat na die dood lei, red, en ons lei om op die pad van die lewe te loop. Die hele Bybel is God se liefdevolle tug aan sy verbondskinders. Die aard van sy onderrig is lering wat ons reghelp, wat ons dwalings weerlê, ons teregwys en ons so in sy verlossende geregtigheid onderrig – wat in Jesus Christus aan ons geopenbaar is. God se Woord aan ons is deurdrenk van weerlegging, bestraffing en vermaning, nie omdat Hy ons haat nie; maar juis omdat Hy die Een is wat

ons liefhet en verlossing skenk, tug Hy ons daaglik met sy Woord. Wie nie deur Hom getug word nie, behoort nie aan Hom nie (Hebr.12:5-8).

Deurgaans maak die boek Spreuke dit duidelik dat die wysheid alleen deur aanvaarding van die tug ontvang word. Daarom begin die wysheid ook by die vrees van die Here. Wie Hom vrees, wyk af van die kwaad, luister na sy tug. Wanneer die seun nie na die tug luister nie, gee sy liefdevolle vader hom nie oor aan sy eie dwaasheid nie. Hy is besorg oor sy seun. Hy wil nie sien dat hy verlore gaan nie. En om sy kind se siel van die dood te red, bly hy die tug bedien. Wanneer daar dan nie na die woorde van tug geluister word nie, gaan die liefdevolle vader oor tot daad van tug – hy spaar nie die roede nie. Lees gerus Spr. 13:24; 22:15 en 23:13,14. Skielik gee die "moeilike" kind jou dan rus en blydskap! – Spr. 29:17.

Elke verbondsouer het die opdrag om sy kind op te voed in "die tug en vermaning van die Here" (Ef. 6:4). Deur die tug van God se Woord in liefde en met goddelike gesag te bedien, leer kinders (en volwassenes) die tug wat verstandig maak.

Ouers wat hierdie beginsel nie wil aanvaar nie, kla later daarvoor dat hulle misluk het in die opvoeding van hul kinders. Maar is dit nie juis omdat hulle eerder geluister het na die verkeerde raad van die moderne en postmoderne sielkunde en opvoedkunde, eerder as na die goeie woorde van God nie?

Laat ons ons kinders leer: "My seun, my dogter: 'Hou vas aan die tug, laat dit nie los nie; bewaar dit, want dit is jou lewe'." – Spr. 4:13. Neem die tug aan, en dit sal jou verstandig maak; dit sal jou siel van die dood red en aan jou die ware lewe gee.

Die dwaasheid is nie 'n probleem waarmee party kinders worstel nie; die dodelike "probleem" dwaasheid is ons eie van nature. Dit word net genees deur die bediening van God se Woord.

GESTREMDE KIND

– Gemeentelike verantwoordelikheid?

Mev. T van't Foort

TEMA: DIE PROBLEEMKIND

As moeder van 'n kind met 'n gestremdheid lê hierdie tema my na aan die hart.

Ons seun het sy eie kenmerkende talente. In ons gesin het ons dit leer ontdek en ons stimuleer hom om sy gawes en talente te ontwikkel. Maar hoe staan sake in die kerk? Ken die gemeente hom en wil sy haarself oopstel vir hierdie geskape kind (beeldraer) van God? Mag hy deelneem? Behoort hy by die gemeente? Kan gesê word dat die gemeente hom mis as hy nie die erediens of die katkisasieklasse bywoon nie?

In hierdie artikel gaan dit oor inklusief = insluiting, daarby behoort, verbondenheid.

Verbondenheid

Die gemeenskap van die heiliges het in die eerste plek te make met die erkenning dat God elke mens uniek geskape het. Daarom is ons uitgangspunt dat ons sêlf 'n gawe is. Inklusief begin met ons aanwesigheid, die feit dat ons daar is. Daarby word beklemtoon dat om iets aan 'n ander te gee, om iets vir ons naaste te doen, nie die beginpunt is nie. Die feit dat ons 'n gawe is, staan voorop. Ons hét dus nie net gawes nie! Van daaruit het elke mens die opdrag om te lewe tot eer van God en ten dienste van die naaste.

Die gemeenskap van die heiliges het verder te make met vertroue op God. Ons vertrou daarop dat Vader aan ons die moontlikhede gee om onself en ander goed te (laat) versorg. En omdat Jesus Christus deur sy lyding gesorg het dat die pad na God toe weer oop is, weet ons ook verseker dat Hy aan ons alles gee wat nodig is om Hom te dien – Rom. 8:32; 1 Joh. 1:3. God het 'n verbonds-verhouding met ons gesluit. Hy het

Hom aan ons verbind. Daarom het die gemeenskap van die heiliges ook te make met verbondenheid aan God, liefde vir Hom en vir die lidmate van die plaaslike gemeente. As kinders van Hom hoort ons bymekaar – 1 Kor. 6:17; 1 Kor. 12:12,13; 1 Kor. 13:1-7. As broeders en susters vorm ons die huisgesin van God. Dit gee kleur aan ons onderlinge band en ons onderlinge verhoudings. Dit moet ons saam oefen.

In die derde plek het dit te make met die besef dat mense met 'n liggaamlike gestremdheid en mense met 'n verstandelike gestremdheid nodig en nuttig is – 1 Kor. 12:21-25; Fil. 2:2-5. God gee die taak om deel te neem aan die gemeente en die werk wat daar gedoen moet word. Wat daardie taak presies behels, word nie deur mense bepaal nie. God “omskryf” daardie taak. Daardie taak kan dus onder andere beteken: die gee van goeie sorg, gasvryheid en barmhartigheid aan mense met 'n gestremdheid.

Vir mense wat self 'n gestremdheid het, kan dit beteken: hulp by die voorbereiding en verspreiding van kerkblaaië, gasheer/-vrou in die kerk wees, ens.

Die feit dat God 'n taak gee op 'n bepaalde plek, hou ook in dat ons nie kan sê dat 'n bepaalde gemeente onvolledig sou wees as daar geen mense met 'n gestremdheid (meer) in daardie gemeente sou wees nie. God gee in een gemeente mense met sodanige gawes dat alle take wat Hy aan daardie gemeente gee, ter plaatse uitgevoer kan word.

Om deel te wees van die gemeenskap van die heiliges word duidelik deur:

1. die feit dat ons daar is



2. die besef dat God 'n verbonds-verhouding met ons het en ons so aan mekaar gegee het
3. vertroue op God
4. ander te troos en te steun op grond van daardie vertroue
5. liefde vir en verbondenheid aan God en die plaaslike gemeente
6. deelname aan aktiwiteite van die gemeente en die bereidheid daartoe.

Die gemeente as 'n veilige huis

As dit kom by betrokkenheid en vriendskap, hanteer ons die T-model: die “horisontale” verhouding tussen mense staan of val met 'n lewendige “vertikale” verhouding met God. En dit beteken ook dat ons saam baie blydschap mag hê en dat vriendelikheid en lewensvreugde ruimskoots aanwesig kan wees – Fil. 4:5. Dit bring vrede voort, en 'n vredige sfeer – Fil. 4:7. En so kan dit ook daartoe lei dat mense wat nie in voeling is met die leefwêreld van mense met 'n gestremdheid nie, tog daaraan gewoond kan raak.

Mense met 'n gestremdheid kan bydra tot 'n rustige sfeer. Vir mense met 'n verstandelike gestremdheid sal meer dinge op 'n eenvoudige manier verduidelik moet word. Vir mense met 'n liggaamlike gestremdheid sal die lewenstempo vertraag moet word.

Vir 'n gemeente wat mense met 'n gestremdheid by allerlei sake betrek, geld dat 'n aantal dinge tot 'n elementêre vlak teruggebring word. Dit kan tot gevolg hê dat besprekings

oor allerlei bysake voorkom word of in elk geval tot die minimum beperk word. Die gemeente kry die geleentheid om sake rondom geloof en die praktyk van kerk-wees fundamenteel te behandel: hoekom doen ons dit soos wat ons dit doen?

Dit beteken onder andere dat by die verduideliking van dinge dikwels met kort sinnetjies en eenvoudige woorde gewerk moet word. Ook verduidelikings “in stukkie”, bietjie-bietjie, kan soms goed werk. Sommige dinge moet reëlmatig herhaal word. Soms hou dit in dat sake beter in beeldspraak verduidelik kan word. Hier word gedink aan sake rondom liturgie asook kwessies rondom samewerking met ander kerke, of bv. ‘n evangelisasieprojek. In die praktyk sal gekyk moet word in hoeverre dergelike beeldspraak / visuele ondersteuning wenslik en haalbaar is.

In die praktyk sal die aanvaarding van mense met ‘n gestremdheid dus duidelik word uit:

1. (bereidheid tot) vereenvoudiging van vraagstukke
2. bereidheid tot aanpassing van die lewens- en dinktempo
3. bereidheid tot blywende konsentrasie op hoofsaak
4. bereidheid om na te dink oor moontlikhede om bepaalde vraagstukke eenvoudig en/of in beeldspraak aan te bied.

Aanwending en benutting van gawes

Wie nadink oor die aanwending en

benutting van gawes, het te doen met geskenke van God. Die aanwending en benutting van gawes, ook gawes van mense met ‘n verstandelike of ‘n liggaamlike gestremdheid, moet daartoe lei dat mense (meer) mét en vanuit die Evangelie gaan leef.

Die uiterlike van mense is nie die belangrikste nie. Ons leer om verder te kyk: na die gawes wat aanwesig is. ‘n Mens ken “niemand meer na die vlees nie” – 2 Kor. 5:16. In hierdie verband is dit belangrik om daaraan te dink dat ook mense met ‘n gestremdheid wat nie veel méér kan doen as lê of sit nie, ‘n gawe het én is!

Hulle leer aan hul omgewing dat hulle troue sorg nodig het. Hulle bied die geleentheid om die (Christelike) motivering waarmee dit gedoen word, goed te oordink en dit aan die mense met ‘n gestremdheid te verduidelik. Op hierdie manier dien hulle hul “sosiale omgewing”.

‘n Gemeente wat gebruik maak van gestremde mense wat in haar midde woon, sorg dus daarvoor dat dit bekend is/word wat die sterk punte van daardie mense met ‘n gestremdheid is.

Dit is belangrik dat veral ouderlinge en diakens van hierdie gawes bewus is.

Dit is veral ‘n saak van die kerkraad om die lidmate op te roep om na mekaar om te sien, sodat elkeen tot sy reg kom. ‘n Gemeente waar elke lidmaat sy of haar bydrae kan maak



tot die opbou van die huis van God. Hiervoor moet ‘n proses aan die gang gesit word waarin alle mense ‘n ander manier van benadering en denke aanleer. Vervolgens bly dit van belang om mekaar aan te spreek en uitvoering daaraan te gee om voortdurend inklusief te dink en doen.

Gemeente-opbou waarby elkeen betrokke is.

Trees van't Foort het as lid van die deputaatskap integrasie (DEPIN) in Nederland in ‘n gemeente ondersoek ingestel na die posisie van mense met ‘n gestremdheid. Verder is sy mede-outeur van die verslag wat vir die sinode te Amersfoort in 2005 geskryf is. Hierdie artikel is hoofsaaklik gebaseer op die teks van hierdie verslag en op die bevindings van die ondersoek in die gemeente. ☒



Temas wat in die volgende maande in KOMPAS bespreek gaan word:

Junie 2006:	Rouwerwerking
Julie 2006:	Arbeid
Augustus 2006:	Leef vanuit vergiffenis
September 2006:	Heilige Gees
Oktober 2006:	Seksualiteit

TUGBEOEFENING IN DIE GEREFORMEERDE SKOOL (I)

Mev. H Stolper

TEMA: DIE PROBLEEMKIND

God het dit so beskik dat ouers en ander opvoeders sy kinders namens Hom opvoed. God is die groot Opvoeder; aardse opvoeders is God se verteenwoordigers. Hulle moet God se kinders vorm om volgens sy geboorte te wil lewe. Opvoeders is deur God met gesag beklee en moet die kind leer om homself deur die krag van die Gees, vrywillig aan die gesag te onderwerp. Die doel van dissipline is om uiteindelik die kind tot selfdissipline te lei.

Onderwysers moet in alles self ook volgens God se reëls lewe. Hulle dien as identifikasie vir die kind. Dit maak die onderwyser nederig, omdat hy besef dat hy ook telkens opnuut gehoorsaamheid moet leer. Hy moet die kind leer om teen sy eie verkeerde natuur te stry, maar hy moet self ook daagliks vir God om vergifnis smeek vanweë sy eie sondes en oortredings.

Die gesag wat 'n Gereformeerde skool op kinders uitoefen, is 'n gesag wat God aan die ouers en die ouers aan die skool gegee het. Onderwysers moet steeds ooreenkomstig dié uitgangspunt dissiplineren en in die tugbeoefening God se liefde en geduld vir die verlore sondaar weerspieël.

Verbondskinders is, net soos alle ander kinders, geneig tot alle kwaad. Hulle is in Christus geheilig en tot kinders aangeneem. Dit het hulle 'n ander status gegee, maar hulle wese het daardeur nie verander nie. Opvoeders moet die kind leer om ooreenkomstig sy nuwe status te lewe. Indien die opvoeder bemerk dat die kind neig om die verkeerde pad te kies, of reeds op die verkeerde pad is, moet tug uitgeoefen word. Deur tugtiging en dissipline word die kind gered, omdat die verkeerde pad uiteindelik tot die ewige dood lei. Om dié rede moet tugtiging altyd gepaard gaan met liefde, soos ons uit die Spreukeboek leer: Tugtig die een wat jy liefhet.

Reëls en strawwe moenie ingestel word om kinders te dwing om hulle slegs uitwendig volgens die reëls te gedra nie, maar dit moet 'n hartsverandering teweegbring. Om dié rede moet opvoeders liefde, begrip en aanvaarding toon. Die kind moet deur gesprek bewus gemaak word dat verkeerde optrede die verhouding met God beskadig. Opvoeders moet kinders se identiteit deur Jesus Christus laat vorm om God en ander uit die hart lief te hê.

Dissipline mag nooit ter wille van dissipline plaasvind nie. Dit mag ook nie 'n tentoonstelling van 'n skool of 'n onderwyser se goeie vermoë tot dissiplinerende wees nie. Tugtiging mag nooit uit weerwraak of vergelding plaasvind nie. Dit moet steeds 'n karakter van opvoeding besit en bydra tot die kind se uiteindelik heil. Daarom moet tugtiging altyd plaasvind ooreenkomstig die eis van God se Woord.

God se Woord bepaal dan

- wat as oortreding beskou moet word
- die wyse van tughandhawing
- in hoe 'n mate en op watter wyse die oortreder gestraf moet word

In hierdie artikel sal ons stilstaan by die volgende aspekte:

1. Identiteit van die skool
2. Behoeftes van die kind
3. Dissiplinerende in die klaskamer

1. Die identiteit van die skool

Die Gereformeerde skool is 'n verlengstuk van die kerk en die ouerhuis. Die skool moet die kerk en die ouers behulpsaam wees by die opvoeding van God se verbondskinders. Kinders moet gehoorsaamheid geleer word. Die Gereformeerde skool stel die reëls, bepaal hoe die reëls gehandhaaf word en wat die straf vir die oortreders is ooreenkomstig die eise van God se Woord.

As gevolg van die postmodernistiese samelewing, waar mense groter mondigheid het en waar individualisme en vryheid hoogty vier, is die eenduidigheid tussen die Gereformeerde huisgesin en skool nie altyd meer vanselfsprekend nie. Dit openbaar homself in sake soos taalgebruik, aanspreekvorms, kleredrag en huiswerkopdragte. Die verband tussen leer en lewe vervaag, omdat geloof as 'n persoonlike belewenis ervaar word. Daar is minder eenstemmigheid onder Gereformeerde ouers oor die reg of verkeerd van 'n bepaalde lewenstyl. Op skool stroom al die verskillende menings van ouers saam. Dikwels stem die ouers saam oor die teorie soos dit in die kerk geleer word, maar daar is minder eenduidigheid ten aansien van die praktyk. Die verskil is baie duidelik sigbaar binne die mure van die Gereformeerde skool. Skoolreëls word daarom nie meer deur ouers (en kinders) as vanselfsprekend aanvaar nie.

Die skool kan op twee maniere daarop reageer. Die maklikste is seker die keuse wat die skool maak om die grensgevalle nou maar te aanvaar. Dit voorkom eindelose stryery oor netelige sake en pas by ons hedendaagse kultuur van individualisme en vryheid. Die ander keuse is wanneer die skool duidelike grense stel en tegelyk ook die grense bewaak!

Die Gereformeerde skool wat 'n duidelike oortuiging en boodskap het, behoort die tweede keuse te maak. Natuurlik gaan sodanige opstelling weerstand oproep by die ouers, kinders en samelewing. So 'n skool sal as bekrompe, bevoogdend, streng, onbuigsaam en onbarmhartig geëtiketteer word. By die Gereformeerde skool moet leer en lewe eger saamval. Reg en verkeerd moet

eksplisiet deur die skool verwoord word. Reëls moet gestel word, maar die skool moet nie eindeloos in diskussie daaroor bly nie.

Die meeste ouers sal hiermee saamstem, maar sodra hul eie kind in gedrang kom, wil hulle hê dat die praktyk 'n bietjie rekbaar moet wees. Wanneer die skool reëls bepaal, kom bepaalde ouers in verset. Ouers wil dikwels slegs dié skoolreëls aanvaar waarmee hulle kan instem. Hulle is betrokke by die wel en wee van hul eie kind. Die wel en wee van die skool as geheel geniet egter meestal minder prioriteit.

Ons sien meer en meer die verskynsel dat beide ouers fokus op 'n loopbaan en daarom raak skole meer en meer betrokke by take wat by die huis afgeskeep word. Laerskole kla dat die graad een's nie in staat is om 'n skêr of 'n potlood te hanteer nie en hoërskole kry noodgedwonge meer take t.o.v sosiale en morele vorming. (Iets soos seksuele opvoeding moet egter deur die ouerhuis geskied en die onderwyser is verplig om die ouers hieroor in te lig en daartoe aan te spoor). Alhoewel dié ouers hul verantwoordelikhede verwaarloos, eis hulle tog die hoofverantwoordelikheid op sodra hulle voel dat die skool nie volgens hul mening optree nie. Wanneer sulke ouers tuis met hul kinders oor reëls onderhandel, bots hulle met die skool wat algemeen geldende reëls moet stel.

Die Gereformeerde skool mag nooit 'n optelsom van allerlei menings en kompromieë word nie. Die skoolleiding moet duidelik en selfversekerd allerlei grense trek. Dit is van die allergrootste belang dat die personeel eenduidigheid hieroor het.

Wanneer die skool só duidelik sy identiteit bepaal, sal dit aanvanklik baie stof laat opwaai, maar uiteindelik tog respek afdwing. Ouers moet weet wat die reëls is en dit aanvaar. Indien dit nie die geval is nie, moet hulle 'n ander skool gaan soek. Nuwe ouers (en kinders) moet die skoolreëls voor toelating bestudeer en hul skriftelike instemming daarmee betuig 'n Gereformeerde skool het 'n sigbare identiteit en handhaaf dit ook konsekvent.

2. Behoefte van die kind

Kinders beweeg deur verskillende wordingsfases, maar het deurentyd behoefte aan reëls en sekuriteit. Kortliks die volgende:

- Fase ± 5-8 jaar: Kinders hou terdeë rekening met die straf of beloning wat verbonde is aan reëls. Reëls gee hulle 'n gevoel van veiligheid en hulle konformeer hulself daaraan om straf te ontduik.
- Fase ± 8-12 jaar: Kinders begryp die nodigheid van reëls en aanvaar die gevolge as dit oortree word. Hulle hou daarvan om die reëls te druk so ver hulle kan. Reëls moet baie konsekvent en onpartydig afgedwing word.
- Fase ± 12-16 jaar: Uitsers krities. Reëls moet duidelik gestel en toegepas word. Benodig 'n ferm grondslag van

stabiliteit, eksplisiete grense en voorspelbare uitkomst. Die gedrag is ooreenkomstig dit wat ander verwag. Die kind konformeer homself aan die sisteem wat die reëls definieer.

- Fase ± 16-19 jaar: Lief vir stry en debatteer en kritiese uitsprake. Onderwerp alles aan egtheids-ondersoek en ontmasker alle skyn. Opvoeders se woorde en daade moet ooreenstem en die skool (onderwysers) se reëls moet eenduidig wees.

3. Dissiplinerende in die klaskamer

Waar bogenoemde hoofsaaklik gefokus het op die uitgangspunte vir dissiplinerende, wil ons hier meer praktykgerig raak:

Verskillende soorte oortredings:

In die klassituasie kry die onderwyser met verskillende soorte oortredings te make wat nie almal ewe ernstig van aard is nie, maar wat wel almal optrede van die onderwyser verg. Ons onderskei tussen individuele oortredings en klassikale oortredings.

Individuele oortredings is onopsetlike lastigheid, opsetlike opstandigheid en slegte gemeenheid. **Klassikale oortredings** is 'n aanklag teen die bekwaamheid van die onderwyser en vergestalt in onopsetlike wanorde, daadwerklike wanorde wat nie doelbewus teen die onderwyser gerig is nie en doelbewuste wanorde waar die persoon van die onderwyser en sy gesag die voorwerp is.

Oorsake van oortredings:

Kinders is geneig tot alle kwaad en oortree die gebooe van God, die ouers en die skool telkens weer. Opvoeders moet die kind op die pad van gehoorsaamheid lei. Wanneer kinders skoolreëls oortree, kan meestal ook 'n bepaalde ander rede daarvoor aangewys word. Dit is daarom geweldig belangrik dat die onderwysers die kinders en hul huislike omstandighede ken om dienooreenkomstig te handel. Ons noem enkele oorsake wat met ander aangevul kan word:



Prentjie: AROS

SIT TOG STIL!!!

Mev. H Snijder

TEMA: DIE PROBLEEMKIND

Het u al in die kerk agter 'n kind gesit wat nooit stilsit nie? Wat 'n irritasie is dit nie! Kan die ouers die kind tog nie beter opvoed nie! Maar oppas, moenie te vinnig oordeel nie. Hoekom is die kind rusteloos? Is dit dalk 'n probleemkind? Dalk 'n ADHD-kind? (ADHD = Attention Deficit Disorder with Hyperactivity)

Is daar vandag meer probleemkinders as vroeër? Miskien wel. Tog is daar heel moontlik ander faktore wat 'n kind na 'n probleemkind laat lyk, terwyl die kind tog nie 'n probleemkind is nie.

Dink maar aan ons eetgewoontes: lekkers en "gemorskos". Die goed is vol kleurstowwe, preserveermiddels, ens. Ook al is jou kind nie allergies hiervoor nie, is dit nie gesond om dit in groot hoeveelhede in te neem nie. As jy 'n onrustige kind het, kyk dan met eerlike oë na julle eetgewoontes. Is dit gebalanseerd, is dit gesond?

Die televisie, video/DVD en die rekenaar het 'n ongelooflike onrustige invloed op 'n kind. Daar is baie impulse wat 'n kind waarneem, maar hy kan nie alles verwerk nie! Dit maak sy gedagtes onrustig. Logies dat hy nie kan konsentreer nie! 'n Ander gevolg van die televisie en rekenaarspeletjies is dat die kind fisies minder speel. Sorg daarvoor dat jou kind fisies speel. Speel stimuleer 'n kind en hy raak van sy oorbodige energie ontslae.

(vervolg vanaf bls 5)

- a. **Fisiese en fisiologiese oorsake** soos swak gesondheid, onder/oorvoeding, sintuiglike gebreke, vinnige groei en liggaamlike ontwikkeling, hormoon-afskedings, 'swak' ouerhuis
- b. **Psigiese faktore** is hiperaktiwiteit, verkeerd gerigte energie, swak vermoë tot selfbeheersing
- c. **Persoonlike faktore** is lae intelligensie, egoïsme, ongevormde sedelike oordeel, onopgevoedheid, gebrek aan sosiale vorming, swak selfbeeld en selfbewustheid, wrok teen gesag as sulks
- d. **Sosiale faktore** is aandagtrekkery, sensasielus en solidariteitsgevoel
- e. **Klaskamer-tegniese faktore** soos oninspirerende lokaal, onhigiëniese klaskamer, klasmotodiek en klasroetine

Bogenoemde faktore speel ook 'n rol by die onderwyser wat soms self die bron van wanorde is, omdat hy fisiek of geestelik nie gesond is nie. ☺

Het ons onrealistiese verwagtings van ons kinders? 'n Kind wat talente van die Here ontvang het, moet dit gebruik. Ons moet dit vir hulle leer. Maar wanneer die kind 'n sekere talent nie ontvang het nie, wie is ons dan om te verwag dat hy op daardie gebied goed moet presteer? Ons maak die kind net onseker. En dit is die begin van probleme vir die kind en sy ouers.

Daar is 'n hele aantal tipes probleemkinders. Ons het nie genoeg ruimte om almal te bespreek nie. Ons sal een tipe, nl. ADHD, uitlig. Baie kinders wat nie 'n ADHD-kind is nie, het tog wel van die eienskappe. Ons sal dalk heelwat herken in ons eie kinders.

Die hiperaktiewe kind met konsentrasieprobleme (ADHD-kind)

Daar is kinders wat tydelik hiperaktief is. Dit is bv. as gevolg van emosionele probleme (bv. vader is werkloos), siekte (voorgeskrewe medisyne kan 'n bywerking hê), voedselallergie, ens. Die beste hulp wat hierdie kinders kan kry, is om die oorsaak te soek en dit op te los.

Regte hiperaktiwiteit kan aan die volgende herken word:

• **Oorbeweeglikheid**

Dit lyk of alles aan die kind beweeg. Die kind se motoriek is dikwels nie goed ontwikkel nie. Hy het gereeld blou kolle. Sy handskrif is ook iets verskrikliks!

• **Konsentrasieprobleme**

Die kind hoor alles wat in die omgewing gebeur. Daarom word sy aandag die heelyd afgelei en konsentreer hy nie op een ding nie. As die juffrou by die skool 'n som verduidelik, sal die kind gedeeltes opvang. Maar tussendeur sien hy ander goed raak. Hy mis gedeeltes van die verduideliking. Dus is die kind nie in staat om die som reg te doen nie. Omdat die kind heelyd afgelei word, sal hy ook lank vat om sy werk klaar te kry.

• **Impulsief**

Die kind doen voordat hy dink. So kan 'n kind onnosel goed aanvang! Hy bemoei hom ook met alles en almal, wat nogal hinderlik kan wees.

'n Hiperaktiewe kind is oor die algemeen nie 'n gelukkige kind nie. Vanweë sy gedrag kry hy dikwels straf. Hy wil graag anders optree, maar hy kan nie. Dit kan hom moedeloos maak. As gevolg hiervan ontwikkel hy 'n negatiewe selfbeeld. 'n Hiperaktiewe kind het dikwels ook nie baie maatjies nie, want hy kan op die snaaksste tye die vreemdste goed aanvang.


Hoe moet hierdie kinders gehelp word?

Onderstaande wenke werk goed vir ADHD-kinders. As daar in 'n gesin onrustige kinders is, kan dit vir hulle ook werk. 'n Mens hoef dit net nie altyd so streng toe te pas nie.

• **Orde**

Die hiperaktiewe kind is vanuit homself onordelik en chaoties. Sy opvoeders moet hom help om orde in sy

wêreld te skep. Sorg dat die hele huis altyd ordelik is. Veral in die betrokke kind se slaapkamer moet daar orde wees. Sorg dat die inrigting rustig en oorsigtelik is. Sommige kinders word rusteloos van helder en fel kleure. Voorkom dié tipe kleure met die inrigting van sy kamer en by die klere wat hy dra. Bêre sy speelgoed in kaste met deure en maak die kaste toe. Gee die kaste 'n vaste indeling wat vir die kind logies is. Bv. Lego in 'n bak, potlode bymekaar, ens. Ruim die kaste ook gereeld op.



- **Samewerking met die skool**

As u 'n probleemkind het, moet die skool dit weet. Die omgang met die kind by die huis en by die skool moet op mekaar afgestem wees. Daar moet gereeld uitwisseling van inligting wees.

- **Medikasie (bv. ritalin)**

Medikasie moet deur 'n deskundige voorgeskryf word. Vir die tydelik hiperaktiewe kind help medisyne nie. By ongeveer 70%

van die ADHD-kindere het medikasie 'n positiewe uitwerking. Dit help hom veral met konsentrasie. Sodoende kan hy die leerstof by die skool beter opneem. Die motoriek word ook rustiger. Dit het 'n positiewe uitwerking op sy skrif. Die kans is goed dat die kind, as hy ouer word, nie meer medikasie nodig het nie.

- **Watter ervarings het die ouers van 'n ADHD-kind?**

U sal seker verstaan dat dit nie maklik is om so 'n kind in die gesin te hênie. As die kind nog klein is en jy weet nie wat aangaan nie, kan jy behoorlik raadop raak. Wat jy ook al probeer, die kind bly lastig. Almal gee gevraagde advies, maar niks werk nie.

Solank die ADHD-kind wakker is, vra hy 100% aandag. Dit is behoorlik vermoeiend. Die ouers raak liggaamlik uitgeput. Die omgewing het oor die algemeen nie begrip vir die situasie nie. Eintlik glo hulle dat die kind net bederf word. Hy moet net 'n bietjie strenger aangepak word.

Daar is ook probleme met boeties en sussies. Die ADHD-kind sal in sy impulsiwiteit gereeld hulle speelgoed breek. As hul Lego-huis stukkend gegooi word, wil of kan hulle nie verstaan dat hul boetie 'n probleemkind is nie. Dat hy niks daaraan kan doen nie. Omdat die gedrag van die kind so moeilik is, kan dit maklik wees dat ouers begin stry oor hoe hulle met die kind moet omgaan.

- **Wat kan ons doen?**

Ek is daarvan oortuig dat ons 'n plig het om ouers met probleemkinders te help. As Christen moet ek my naaste help. Maar hoe kan ek help? Ons moet die ouers bystaan. Dalk wil hulle praat oor hulle kind. Gee hulle geleentheid om te praat. Maak beurte met 'n groep ma's om die kind by jou te laat speel. Dan het die ma darem een middag in die week 'n blaaskans. Moet ook nie die ouers met allerhande take belas nie. As hulle vir 'n funksie in 'n kommissie gevra word en hulle sê nee, aanvaar dit so. En laastens, maar nie die minste nie, bid gereeld vir die kind, die ouers en die gesin.

Ek besef dat hierdie artikel oor die ADHD-kind onvolledig is. Daar is nie ruimte vir meer inligting nie. As u vermoed u kind is 'n ADHD-kind, probeer meer hieroor uitvind. Ek hoop dat ek wel by ander 'n begrip vir die ADHD-kind kon tuisbring. ☺

- **Reëlmaat**

As elke dag met vaste reëlmaat verloop, begin die kind sy daaglikse lewe te verstaan. Elke dag moet dieselfde roetine hê. Leer die kind om alles in 'n vaste volgorde/roetine te doen. Byvoorbeeld: As mamma my wakker maak, moet ek eers toilet toe gaan; dan moet ek aantrek; dan moet ek tafel dek; dan moet ek die hond kos gee; dan gaan ons eet. As u 'n onrustig kind het (dus nie ADHD nie), is 'n vaste roetine belangrik, maar die roetine mag soms wel verbreek word. 'n Kind kan dan gerus die een dag eers die hond kos gee en die ander dag eers tafel dek. Solank altwee die take gedoen word. By die ADHD-kind mag daar beslis nie van die vaste volgorde/roetine afgewyk word nie. Dit verwar die ADHD-kind.

- **Duidelikheid**

Behalwe orde en reëlmaat, het die ADHD-kind ook duidelikheid nodig in bv. huisreëls en die omgang met mekaar. Daar mag nie van die reëls afgewyk word nie. Bv. Piet gee die hond elke oggend kos. Dan moet mamma dit nie elke derde dag doen nie. Piet moet dit altyd doen. Opdragte aan die kind moet duidelik en eenvoudig gegee word.

- **Onmiddellike bekragtiging van die gewenste gedrag**

Die ADHD-kind kry oor die algemeen meer negatiewe aandag en minder positiewe aandag. Die gevolg is dat hy enige vorm van aandag as 'n aanmoediging ervaar. Dit beteken dat straf geen effek het nie. Die kind ervaar dit juis as 'n aanmoediging. Vir 'n kind is geen aandag erger as negatiewe aandag. Die beste is dus om positiewe reaksie (bv. skouerklouie, knipogje) op gewenste gedrag te gee en ongewenste gedrag te ignoreer. Vir die verhouding tussen ouers en kinders is dit ook beter om te konsentreer op positiewe aandag. Hoe meer negatiewe reaksies 'n mens op 'n kind het, hoe negatiewer begin jy oor jou kind te voel. Dit mag beslis nie gebeur nie. Bly positief, ook oor die probleemkind.

- **Wees redelik in u verwagtings**

Die hiperaktiewe kind kan nie goed konsentreer nie, daarom is een verduideliking vir hom nie genoeg nie. Moet daarom nie verwag dat wanneer u een keer iets vir hom gesê het, hy dit ook so sal doen nie. Baie herhaling is nodig. Wees kort en duidelik in u opdragte aan die kind. Moet veral nie preek nie!

DOWN-SINDROOM – hoe hanteer ons dit?

Mev. W Pouwels

ONDERHOUD MET RINSKE POUWELS

Fisies gestremde kinders is deel van die lewe. Meestal beleef ons hulle op 'n afstand. Ons sien hulle raak, maar ken hulle nie. Tog val hulle op, want hulle beweeg en lyk anders. Die verstandelik gestremde kind val egter nie altyd op nie. Sommiges kan by jou verbyloop sonder dat jy enige andersheid opmerk. Maar dis nie altyd die geval nie. Gesplete ogies, 'n kleiner kop, oortjies wat laer op die kop voorkom ... alles tekens van 'n spesifieke afwyking: Down-sindroom.

Erwin Pouwels is op 31 Julie 2004 gebore. Die swangerskap het normaal verloop, met die normale sonars en toetse wat deur dokters gedoen word. En die gerusstelling van gunstige berigte.

Rinske, wanneer en hoe het julle uitgevind dat Erwin Down-sindroom het?

Ons het nie die toetse laat doen wat die afwyking kan vasstel nie. Die dokter het dit wel aanbeveel, soos maar by elke swangerskap die geval is, maar ons het dit van die hand gewys in die wete dat ons tog niks aan die saak kan verander nie. Dit het die dokter ook tot ander insigte gebring, soveel so, dat hy nou eers sy pasiënte inlig oor die konsekwensies wat die uitslag kan meebring. Die enigste uitweg as jy nie die kind met sy gebrek wil aanvaar nie, is 'n aborsie. En elke swangerskap is tog 'n geskenk van die Here. En in die Here se oë volmaak.

Die kinderarts wat betrokke was by die eerste ondersoek na die geboorte, het onraad vermoed en ons onmiddellik in kennis gestel. Hoewel Erwin 'n baie goeie apgartelling gehad het, nl. 9/10 en 10/10, was daar, behalwe bogenoemde kenmerke, ook nog die drie fontanelle op sy kop, reguit lyn oor sy handpalms, kort vingertjies, sigbare tekens wat so kenmerkend is van Down-sindroom. Toetse moes toe nog gedoen word om vas te stel of hy enige hartletsels het. Die toetse het vir ons 'n positiewe uitslag gegee.

Ons is bly dat ons nie voor die tyd geweet het nie. Daar is niks aan te verander nie daar is niks wat jy kan doen voordat die baba gebore is nie.

Erwin is gebore met Down-sindroom, hoe het julle die nuus ervaar?

Dit was aanvanklik 'n skok, iets wat ons as ouers moes verwerk. 'n Mens kyk dikwels, wanneer jy 'n verstandelik gestremde kind het, ver in die toekoms. In hoeverre kan hierdie kind van my selfstandig word? Sal ons hom altyd moet versorg? Daar was baie vrae en baie gebed.

Hoe toe verder?

Die pastorale sorg wat ons ontvang het, was vir ons goed. Ook die besoeke van goeie vriende gee in dié tyd soveel ondersteuning.

Noudat ek deel is van die DS-vereniging, weet ek dat die hospitaal die geboorte van Down-sindroombabas onmiddellik aan die vereniging deurgee. Die vereniging kom besoek die ouers in die hospitaal en speel hierin 'n belangrike ondersteunende rol. In ons geval is dit egter nie deurgegee nie, en ons het self later kontak met die vereniging opgeneem.

Jy is baie nou betrokke by die vereniging?

Ek is deel van die bestuur en besef nou hoeveel die vereniging doen en reeds gedoen het om ouers met DS-kindere te akkommodeer. Daar word gereeld kongresse gehou regoor die land. In Augustus word daar 'n wêreldkongres in Kanada gehou waarheen ek afgevaardig is.

Behalwe vir die eerste besoeke in die hospitaal word daar ook opvolgbesoeke by die huis gebring. Die DS-vereniging doen ook onsettend baie om skole in te lig oor Down-sindroom. Veral by skole waar dié kinders deel is van die skoolopset. Die inneem van gestremdes in normale skole word buitendien deur wetgewing vereis. In baie ander lande word gestremdes reeds lankal in gewone skole geplaas, tot voordeel van almal wat betrokke is.

Die betrokke onderwysers word begelei om hierdie kinders te kan hanteer. Die kinders se werk word aangepas volgens hulle vermoëns. Dit is baie goed vir hierdie kinders om te meng en te sosialiseer met normale kinders van hulle ouderdom. Dit trek hulle as't ware saam en laat hulle beter presteer. Dis vir hulle 'n groot uitdaging waarop hulle baie trots voel. Behalwe vir die onderwyser, is die ouers ook baie nou betrokke.

Word daar dan van die onderwyser/es verwag om anders teenoor so 'n DS-kind op te tree?

DS-kindere vra, net soos enige ander kind, streng dissipline en konsekwentheid van die onderwyser. Die onderwyser en ouers van die DS-kind werk daarom baie nou saam en hou mekaar op die hoogte. Ouers ken die kind die beste en weet waar hulle kanse vat. Dit is belangrik dat die onderwyser hiervan op die hoogte is.

Differensiasie is 'n integrale deel van die opset. Net soos wat daar maar in elke klas differensiasie plaasvind omdat die een kind vinniger verstaan as die ander, en dit ook weer van vak tot vak verskil, vind differensiasie in



elk geval altyd in die klas plaas. Dis dus nie nuut vir 'n onderwyser om te differensieer nie.

Ons het 'n eie gereformeerde laerskool, Johannes Calvyn, waarheen ons Erwin graag sal wil stuur. So kan Erwin binne sy vermoëns die gemeenskap van die heiliges ervaar/beleef, en kry die kinders by die skool die geleentheid om die gemeenskap van die heiliges uit te oefen. Daar kan hy deel wees van die Bybelles en saam Psalms sing. "So is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar."

Dan kan ons soos Job wees in Job 29 vers 15: "Oë was ek vir die blinde, en voete vir die lamme was ek."

Vir die Here is ons immers almal gelyk?

Kom Erwin in aanraking met ander Down-sindroom-maatjies?

Hy is nog jonk en speel nog nie eintlik met ander maats nie, maar ons sal wel moeite doen om hom in kontak te bring met kinders soos hy. Hoewel dit goed is dat hulle met alle maats speel, is maats wat op sy vlak kommunikeer, tog nodig. Hulle kan net van mekaar geniet. Die vereniging reël gesinsdae waartydens die ouers met mekaar kan kommunikeer. Dit bring outomaties ook die kinders by mekaar uit.

Hoe hanteer die res van die gesin Erwin?

Pa Hans is baie lief vir Erwin en tree baie spontaan teenoor hom op. Hy hanteer Erwin soos hy is en glo dat 'n mens van dag tot dag moet leef, nie bekommerd moet wees oor die toekoms nie. Daarvoor sorg die Here.

Ons twee dogters is ewe lief vir hulle boetie. Hoewel hulle bewus is van sy gestremdheid, sien hulle dit nie meer raak nie.

Ons verwag ook dieselfde van hom as van die meisies. Dit is gehoorsaamheid en samewerking in die huislike opset.

Hoe is sy verhouding met ander mense? Is hy maklik aanpasbaar?

Hy is 'n vrolike kind wat maklik met ander oor die weg kom. In die winkels kry hy baie aandag. Dis moeilik om te sê of die aandag van vreemdes normaal is vir 'n kind van sy leeftyd, en of dit is omdat hy gestremd is. Tog is dit lekker om te sien dat mense hom aanvaar soos hy is.

Wat die familie betref, word hy goed opgevang. Kuier gereeld by sy ouma's en met ons goeie vriende het hy ook 'n hegte band. So ervaar ons die gemeenskap van die heiliges.

In die gemeente is Erwin deel van die kinders by die oppasdiens. Ons het ook kontak met ouers van ander gestremdes in ons gemeente. Dis beslis verrykend om so met ander te kan deel. Ouers met gestremde kinders verstaan. Dit bind 'n mens op 'n manier saam.

Hoe vorder Erwin in vergelyking met sy portuur-groep? Kry hy ekstra terapie om hom te help?

Hoewel hy in Julie twee word, stap hy nog nie; dit is egter nie te abnormaal nie. Kruip is 'n belangrike deel van enige kind se lewe en vorm baie vaardighede. Om 'n bietjie langer te kruip voor hy loop, is glad nie sleg vir hom nie. Erwin is effens korter as die gemiddelde kind van sy ouderdom. Wat hom ook nie noodwendig inkort nie.

Behalwe vir die arbeidsterapeut wat hom help met sy motoriese vaardighede, kry hy ook spraakterapie. DS-kindere het meestal 'n vergrote tong. Hoewel Erwin se tong nie baie abnormaal is nie, word vroeë intervensie aanbeveel, omdat hulle dikwels sukkel met spraak a.g.v. die vergrote tong.

Is daar op ander gebiede ekstra aandag nodig?

Kinders met Down-sindroom se immuunstelsel/immunititeit is nie goed nie. Hulle het ook kleiner sinuskanale en oorgange wat maklik infeksies veroorsaak. Hulle is daarom baie vatbaar vir siektes. Erwin kry permanent vitamien-aanvullings en drink nog steeds formulemelk wat baie nodige voedingswaarde bevat. Hy sal seker ook 'n bietjie langer doeke dra.

Hoe beleef Erwin sy emosies?

Soos enige ander kind. Hy is wel baie spontaan en soek maklik toenadering. Ons het al gesien dat hierdie spontane optrede 'n probleem kan word as hulle ouer word; dis iets wat in die toekoms lê, wat ons sal hanteer as ons daar kom.

Hoe sien julle die “toekoms” vir Erwin soos die Here wil?

Ons is baie dankbaar vir dit wat ons in Erwin het. Hy is ’n plesier in die huis. Ons weet hy is anders, tog hanteer ons hom so normaal as moontlik. Ons verstaan as mense nie altyd weet hoe om teenoor hom op te tree nie; ons hoop wel dat ons normale optrede teenoor hom ander mense aanmoedig om ook so teenoor hom op te tree. Ons is bewus daarvan dat daar in Nederland spesiale eredienste vir gestremdes gehou word. Tog sal ons wil sien dat Erwin saam met ons kerk toe gaan. Die

liturgie in die kerk sal goed wees vir hom. Dit gee rustigheid om elke week dieselfde “roetine” te ervaar. Dit gee struktuur in sy lewe. Dis ook maar deel van konsekwent wees, gedissiplineerd wees. Hy is deel van die gemeenskap van die heiliges, gedoop, ’n kind van die Here. Dis ’n wonderlike troos. En vir die Here is al sy kinders normaal. Erwin leer vir ons om die dowe nie te vloek nie en vir die blinde geen struikelblok te lê nie, maar die Here te vrees. Hy is ons God. Hy wil gedien word deur al sy kinders.

2 Timótheüs - Herderlike sorg vir die gemeente

Mnr C van Wyk

VENSTER OP DIE BYBEL

Die boek 2 Timótheüs word tradisioneel as een van die pastorale briewe gekenmerk (saam met ander briewe soos 1 Timótheüs en Titus). Die skrywer van die brief is die apostel Paulus. Die ontvanger is Timótheüs – aanvanklik ’n sendingsmedewerker van Paulus, maar later (tydens hierdie brief) predikant te Efese. In hierdie brief bemoedig die ou apostel die jong predikant en gee hom raad oor sy taak as predikant van die gemeente.

Die brief is waarskynlik vanuit die gevangenis in Rome geskryf, rondom 63/64 n.C. Die apostel is dan aan die einde van sy lewe en baie van sy medewerkers het hom verlaat (sien 1:15 - “...*almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het...*”). Van die ander medewerkers is in die tussentyd in ander gebiede besig en slegs Lukas is by die apostel (sien 4:10-12).

Omdat die apostel nie sy vrylating in die vooruitsig stel nie, maar eerder die dood in die gesig staar (4:6), is dit waarskynlik sy laaste brief – ’n brief waarin hy Timótheüs heel persoonlik pastoraal begelei. Teen die agtergrond van sy dood wat op hande is en die verdrukking wat hy ly, skryf Paulus dan hierdie brief aan Timótheüs.

Die boodskap van die brief is om te volhard in die voortgang van die evangelie, teen alle druk van vervol-

ging, dwaalleer en skyneiligheid in. Paulus hou sy eie lewe as voorbeeld aan Timótheüs voor.

Die bespreking van die brief doen ek graag aan die hand van die onderstaande twee temas:

DIE EERSTE DEEL – 1:1-2:13

Wees sterk en vertrou die evangelie toe aan betroubare en bekwame manne. Hieruit is daar twee sake wat die verdere verloop van die eerste deel van die brief bepaal. Eerstens die vervolging, verdrukking en moeite wat gepaardgaan met die evangelie. En tweedens die voortgang van die evangelie.

Na die vermelding van vervolging, verdrukking en moeite in hoofstuk 1, volg die oproep in 2:1 – “Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is ...” As dienaar van die evangelie kan Timótheüs verwag dat sy ampswerk nie maklik gaan wees nie. Daar sal altyd stryd, spanning, moeite, verdrukking, vervolging wees. Daarom: wees sterk! – nie deur eie krag nie, maar deur die genade wat in Christus Jesus is!

Die tweede oproep volg in 2:2 en betref die voortgang van die evangelie in die gemeente – “...en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.” Tref voorsiening dat

die evangelie ook deur ander uitgedra word. Vertrou dit toe aan betroubare manne, wat kan dien as ouderlinge in die gemeente en Timótheüs in sy werk kan ondersteun. Dit moet betroubare manne wees, wat vas staan in die geloof, sodat die gemeente deur predikant en ouderlinge onderlig en versterk word in die geloof.

Die eerste oproep van 2:1 laat ons sien dat die taak van ’n ampsdraer glad nie maklik is nie. Intendeel ... iemand wat in die amp dien, moet weet wat dit inhou.

Paulus verduidelik dit deur drie beelde (2:3-6):

- soldaat: selfverloëning – jou nie van jou taak laat afbring nie; bly op jou pos (sien ook 4:1, 2 en 6),
- atleet: om volgens die goddelike eise jou ampstaak uit te voer,
- landbouer: die bereidheid om hard te werk.

Maar, bogenoemde is nie net ’n boodskap vir ampsdraers nie. Dit is ook gerig aan elke gelowige. Want ook die gelowiges het ’n amp: dié van profeet, priester en koning. Ook die gelowiges wat nie ampsdraers is nie, sal vervolgd en verdruk word. Sien 3:12 – “*En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word.*”

Tog mag ons hieruit ook bemoedig word (2:8-13). Die gelowiges ly op

aarde soos Christus ook gedurende sy lewe op aarde gelyk het – dus is dit lyding in gemeenskap met Christus. Maar Hy is nie net die lydende Christus nie, Hy is ook die opgestane Christus, wat opgevaar het na die heerlijkheid van die Vader. As ons dan verdra, volhard en volhou, sal ons saam met Hom regeer. Maar wie hom verloën, dié sal Hy ook verloën.

Met betrekking tot die tweede oproep in 2:2 sê dit vir ons vandag baie ten opsigte van die voortgang van die evangelie, wat oorgedra en uitgedra moet word. Ons kan dit vergelyk met 'n stamboom: Christus het vir Paulus onderrig, Paulus weer vir Timótheüs, Timótheüs weer vir ander betroubare, bekwame manne en hierdie manne moet weer op hulle beurt die gemeente onderrig.

Die ampsdraers moet inderdaad goed toegerus wees vir hulle dienswerk. Van hulle sal nog onthou van Paulus se sendingsreis langs Efese, op pad na Jerusalem. Paulus het hulle toe persoonlik bemoedig en toegerus in Miléte, die hawe van Efese (Hand. 20:17-37). Net so het die kerk vandag nog steeds die taak om toe te sien dat die evangelie bly voortgaan en oorgedra word. En ook dat daar betroubare en bekwame manne sal wees vir hierdie taak.

Verder moet die kerk ook toesien op dit wat oorgedra word: *“en wat jy van my gehoor het onder baie getuies...”* Dit moet aan die gelowiges en aan die volgende geslagte oorgedra word – die suiwer, onvervalste evangelie. Die kerk staan steeds onder druk van valse lering en dwaling, waarteen die leer van die Skrif verdedig moet word.

Maar hierdie deel het nie net vir ons iets te sê oor die opleiding en toerusting van bestaande gemeentes nie, maar ook oor die selfstandigwording en selfstandigheid van 'n nuwe gemeente. Wanneer 'n sendeling 'n sendingsgebied betree, is die belangrikste fokus om die gemeente as geheel op te bou in die geloof. Maar hy moet ook werk aan die



opleiding, toerusting en begeleiding van toekomstige ampsdraers en voorgangers. En hulle moet weer op hulle beurt hul kennis uitdra en deurgee. Só werk God ook in die geslagte en dra Hy sorg dat die evangelie steeds voortgaan.

In effek word die sendeling so “oorbodig” gemaak – nie omdat hy nie meer nodig is nie. Maar as 'n gemeente selfstandig word, kan hy weer verder gaan in 'n ander gebied om dáár 'n kerk te plant, die gemeente in die geloof op te bou en weer toekomstige ampsdraers en voorgangers op te lei, toe te rus en te begelei.

DIE TWEDE DEEL – 2:14-3:17 e.v. Die regte optrede teen valse leer en die wapens teen skynheiligheid. Paulus vermaan Timótheüs om nie in sinlose twisgesprekke (stryd oor woorde) te verval met die dwaalleraars nie.

2:16 – *“Maar die onheilige, onsinige praatjies moet jy vermy ...”*

2:23 – *“En die dwase en onverstandige strydvrage moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek ...”*

Dit sal niemand tot bekering lei nie en dit dien dus nie die bevordering van die evangelie nie.

Paulus wys Timótheüs dan die regte weg aan om teen die dwaalleer op te tree: hy wys Timótheüs hier dat 'n dienskneg van die Here nie twis nie, *“maar hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.”* Dit beteken nie dat hy die sonde oorsien nie, maar dat hy beheers en nie reaksionêr sal optree

nie: saambindend en vredeestigend – die hoop is dat dié mense ook vir die Here gewin kan word.

Die tweede saak waarteen Paulus vir Timótheüs in dié deel waarsku, is die skynheiligheid van die laaste dae (sien 3:1 e.v.). Weet dit, dat in die tyd tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms die mense al hoe meer boos sal word – afgodery sal aan die orde van die dag wees. Liefhebbers van hulself, liefhebbers van geld, liefhebbers van genot – die mens self sit op die troon. Dit teenoor die liefde vir God en die naaste (sien 3:2-4).

Paulus waarsku vir Timótheüs: daar sal ook mense binne die kerk wees wat hul goddeloosheid sal verbloem agter vrome skyn. Dit lees ons in 3:5 – *“mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het...”* En hierdie mense, waarsku Paulus, is selfs gevaarliker as die goddelose wêreld buite die kerk. Hulle (dit is mense wat probeer om leiersposisies in die kerk te beklee) gaan rond op huisbesoek en probeer vroue wat swak in die geloof is, vir hulle saak te wen. Swakkeres wat ontvanklik is vir hul vroom praatjies.

Maar Timótheüs hoef nie te wanhoop nie – soos God Jannes en Jambres (die toordokters wat Moses en Aäron teengestaan het in Egipte) ontmasker het, só sal God die skynheiligheid van hierdie mense ontmasker. Vanaf 3:10 e.v. reik Paulus aan Timótheüs die wapens om hierdie skynheiligheid te ontmasker en staande te bly. Sien veral vs. 14 en 15 – *“Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het. En dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.”*

Ook hierdie deel het vir ons vandag baie te sê. Gewoonlik verwag ons maar die teenstand vanaf die wêreld buite die kerk. Maar die apostel wil Timótheüs en ons uitdruklik waarsku

Positief omgaan met kinders

Mnr T Bolks

OPVOEDING EN ONDERWYS

Vraag

Die artikel is geskryf na aanleiding van die vraag: “Word kinders teenswoordig nie te dikwels negatief behandel nie? Daar word so gou klem gelê op dinge wat nié goed gaan nie.” Ouers lê oor die algemeen klem op die foute van kinders in plaas van op die positiewe dinge in hul goeie gedrag. Hoe dikwels gee ons komplimente? “Jou kamer is pragtig netjies”, of: “Baie dankie, jy is betyds tuis”, of: “Die kombuis is baie mooi opgeruim”. Aanvaar ouers die goeie dinge as vanselfsprekend? Mis ons nie hier ‘n geleentheid nie?

Selfbeeld

Die beeld wat ‘n kind van homself vorm, noem ons “selfbeeld”. Die selfbeeld word gevorm deur die manier waarop ouers en ander persone met die kind omgaan. Die selfbeeld is die optelsom van al die idees (positief sowel as negatief) wat die kind omtrent homself het. Dit gaan gepaard met ‘n goeie of ‘n

aaklige gevoel en dit lei weer tot ‘n bepaalde gedrag. Dit is altyd baie goed om steeds in gedagte te hou: “Wat is die effek van wat ek nou vir my kind gesê het?”

Die kind kan na aanleiding van baie negatiewe opmerkings dink dat hy iets nie goed genoeg sal kan doen nie. Deur hierdie gevoelens ontstaan daar by elke volgende geleentheid meer spanning by die kind. Hy sal altyd wonder: “Doen ek dit nou reg?” of: “Wat sal nou weer gesê word?”

Waardering

Kinders het baie aanmoediging en waardering nodig. Daardeur groei die idee van: “Ek is die moeite werd” of: “Ek is oulik”. Dan word die selfbeeld positief ingekleur.

Dit gaan nie net oor wat aan die kinders gesê word nie, maar ook oor hoé dit gesê word asook hoe jy daarby reageer. Die

gesigsuitdrukking (oogkontak) en die gedrag (lyftaal) van Pa en Ma of ‘n ander volwassene onderstreep dit wat gesê word. ‘n Knipoog en ‘n streling oor die kop sê gewoonlik genoeg.

Dit is goed vir ‘n kind om te hoor waarin en waarom hy waardeer word. Dis ook vir die ouers goed om die goeie kante van die kind te sien! Dit sou pragtig wees om elke dag ‘n lysie te maak met vyf positiewe dinge van elke kind.

Selfvertroue

Positiewe opmerkings versterk die selfvertroue van ‘n kind. Selfbeeld en selfvertroue is nou verwant aan mekaar. ‘n Paar voorbeelde:

“Mamma, mag ek die skottelgoed was?” vra die driejarige Maryke. Mamma wonder of dit goed sal afloop. Tog wil die ma haar dogter beloon omdat sy so graag wil help. “Goed, Maryke. Kom staan op hierdie stoel, dan doen ons dit saam!” Saam was en afdroog! Dit werk! En Maryke voel groot en trots. Die poging van haar om iets self te doen, word deur Ma beloon en daardeur gestimuleer. Dit is uitstekend vir die selfvertroue.

Pieter is vyf jaar oud en moet sy speelgoed opruim. Pappa weet dat hy aanmoediging nodig het. “As jy nou al die lego-blokkies in die kas bêre, dan sal ek die res opruim”. Na ‘n paar minute is alles weer netjies. Pappa het ‘n redelike eis aan sy seun gestel. Hy het aan Pieter gevra dit wat hy kon hanteer. Daarom het dit goed uitgewerk en Pieter het goed gevoel.

Kritiek

Natuurlik gaan dit nie altyd alles goed nie. Wanneer iets verkeerd is, moet dit ook gesê (kan) word. Dit hoort ook by die opvoeding. Opvoeding is die aanwys van die goeie pad, en daarop bly kinders nie vanself nie. Dan is tereg wysings nodig, maar die gee van kritiek kan wel opbouend wees. Daar is ‘n belangrike reël: beoordeel

(vervolg vanaf bls 11)

om nie maar die gevaar slegs van buite te verwag nie. Wees op julle hoede vir die skynheiliges ook binne die gemeente! Sien 3:5 – “mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het”. Hierdie tipe mense sal graag leiersposisies in die kerk wil beklee en deur hul vroom skynheiligheid die swakkeres in die gemeente aanval. Met die doel om hulle tot gevangenes van die satan te maak, sodat hulle ook weer ander mense kan verlei.

Maar ons hoef geensins te wanhoop nie. God sal sulke mense aan die kaak stel – “hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees” (3:9). Só het God met die twee towenaars in

Egipte gedoen, só het God menige slinkse, skynheilige geleerde en teoloog deur die geskiedenis van die kerk heen uitgewys.

Die Here reik ook aan ons vandag die wapen teen hierdie tipe van mense – “bly in dit wat julle geleer het en waarvan julle verseker is”: dit is die Skrifte. Dáárin moet ons bly en daarin alleen – by ons huise, op huisbesoek, katkisasie, Bybelvereniging, jeugvereniging, vergaderings en op die preekstoel. Alleen so sal ons onderskeidingsvermoë aanleer.

Daarom moet die amp voortgaan om die evangelie te bedien (en moet daar toegesien word dat daar evangeliedienaars is), teen alle druk in van teenstand, dwaling en skynheiligheid (sien ook 4:1-5). ✠

(veroordeel) nooit die persoon nie, maar wel sy gedrag. Moenie sê: "Jy kom nooit jou woord na nie!", maar liewers: "Ek hou nie daarvan dat jy te laat ingekom het." Ook nie: "Jy is lelik" nie, maar: "Pieter hou nie daarvan dat jy sy karretjie gevat het nie." Die selfvertroue kry geen knou as opbouwende kritiek gelewer word nie.

As 'n kind vertroue in homself het, sal hy probleme beter kan oplos en nuwe dinge aanpak en probeer. As die omgewing positief daarop reageer, volg daar 'n wisselwerking in die regte rigting.

Kinders blom as hulle positiewe aandag kry. Elkeen hou tog daarvan om iets positiefs te hoor en te ervaar? Dit geld vir volwassenes ook! Dit is tog lekker om te hoor dat jou werk waardeer word of dat ander daarvan hou jy so goed met almal oor die weg kan kom?

Onvoorwaardelik

In die opvoeding word dit as vanselfsprekend aanvaar dat ouers hul kinders lief het. Die vraag is nou: wys die ouers dit? En: is daardie liefde onvoorwaardelik? Of is daar voorwaardes aan verbonde? Moet hulle eers aan seker verwagtings



voldoen? Word daar te veel van die kinders verwag? Word die kinders wat wel aan al die verwagtings voldoen, dalk voorgetrek? En as dit so is, is Pa en Ma bereid om dit te verander?

Kinders moet nie iets doen of het nie nodig om 'n bepaalde gedrag te openbaar voor hul ouers hulle liefhet nie. Positiewe aandag hoef nie verdien te word nie!

Liefde van God

Dit gaan daarom om kinders lief te hê en dit te wys. Daarmee word ook God se onvoorwaardelike liefde deurgegee. Dit word van ouers gevra om kinders te laat sien en te laat hoor wat dit inhou om 'n liefdevolle Vader te hê.

Maar kinders is ook tog sondig en nie altyd soet nie? Die verkeerde dade moet tog ook reggestel word? Sake staan so: sonder die sondeval sou opvoeding eintlik nie nodig wees nie. Opvoeding gaan gepaard met foute. Ouers en kinders is sondige verbondskinders. God ken die tekortkominge van mense, maar ons moenie altyd daarby stilstaan nie. Kinders is geskenke van God. Dit moet nooit vergeet word nie. Ons moet kyk na die positiewe dinge wat God gegee het. Wees bly met so 'n Vader in die hemel. Dank Hom! Maar vra ook om elke dag om wysheid, krag en hulp by jou opvoedings-taak. Ons mag verseker weet dat Hy help. Ons kan op Hom vertrou. Probeer om dit met 'n geruste hart te doen. Plaas jou hande in sy Hande. En gaan dan aan daardie Hand verder op 'n positiewe manier. Vra Hom om sy seën. Dan sal die verbondskinders die mees positiewe wat hulle kan ervaar, ook opmerk en kan sê: God sorg vir ons!

T Bolks – PABO-dosent, Gereformeerde Hogeschool in Zwolle, Nederland

(vertaal uit: Wegwijs, jaargang 56(6), Junie/Julie 2002)✠



FOLMER BOEKHANDEL

**19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika**

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927

GALASIËRS – Jesus Christus alleen deur dr Attie H Bogaards. 'n Teks-virtekst verklaring van die brief van Paulus aan die Galasiërs. Deur die eeue heen was die leerstuk van die regverdigmaking deur die geloof alleen die teken van Satan se aanslag. Dit is ook juis in Galasiërs in die geding: die mens wat 'n streep wil trek deur die alleen, deur die geloof alleen, deur Christus alleen. Galasiërs trek egter 'n dik streep deur

die mens se pogings om 'n bydrae tot sy eie saligheid te lewer. Daarteenoor onderstreep dit die evangelie van Jesus alleen. 142 ble, harde band. Die prys is R85 + posgeld.

'n Nuwe boek van prof B J van der Walt: *When African and Western cultures meet – from confrontation to appreciation*. This book analyses many burning issues in South Africa and the rest of the vast African continent: poverty, development, globalisation,

leadership styles, different ways of viewing reality, the inferior position of women and the crisis in agriculture. In dealing with these topics, African and Western cultures meet and often clash with each other. The main question of the book is how to handle these cultural tensions. The writer indicates that studying and evaluating cultures in the light of a Christian worldview and philosophy offers liberating perspectives and transcends the viewpoints of both cultural imperialism and relativism. 317 ble. R145

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad

**Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883**

Pretoria

**Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandrallaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064**



GESPREEKE MET KINDERS

Mnr T Bolks

OPVOEDING EN ONDERWYS

Met 'n groot gesukkel klim Barto op die groot, hoë boontjiesak. Sy maatjie Pieter sit al daar, met 'n groot glimlag op sy gesig. Hy lyk sommer lus daarvoor om lekker te klets met die grapmaker. Barto en Pieter is twee seuntjies van ongeveer vyf jaar oud. Hulle neem deel aan 'n oulike en lewendige Nederlandse televisie-program, nl. *Praatjesmakers*. In daardie program voer Jochem van Gelder gesprekke met jong kinders. Die program word saans na negeuur uitgesaai. Dis dus nie bedoel vir die kinders self nie. Volwassenes mag dit geniet. En hulle kan daarvan leer. Want hoe kry 'n mens kinders sover om soveel te praat?

Die kinders vertel oor alles en nog wat, en oor die mees uiteenlopende onderwerpe. Die ouers van hierdie pragtige kindertjies sit in die gehoor. Hulle lyk soms verbaas as hulle hoor hoe hulle kroos oor so baie dinge praat. Blykbaar vertel hulle dinge wat hulle as ouers nog nooit gehoor het nie. Jochem van Gelder is in staat om die gesprekke op so 'n manier te voer dat die kinders baie openhartig antwoord en reageer. Dis wonderlik as 'n mens hierdie vermoë het. Want deur met kinders te praat, leer 'n mens hulle eers regtig (of nog beter) ken.

Kinders kan natuurlik nie dadelik praat nie. Wel kan hulle al baie gou klanke laat hoor en reageer op die stemme van ander. Reeds vroeg in hulle ontwikkeling is daar sprake van kommunikasie. Volwassenes en kinders reageer op mekaar: hulle lag vir mekaar of speel speletjies deur middel van geluide.

Op 'n gegewe oomblik (êrens tussen 15 en 24 maande) ontdek 'n kind dat taal meer is as klanke en geluide. Dit is 'n sisteem waarin mense iets aan mekaar duidelik kan maak. Woorde het betekenis. Jy kan iets daarmee

bereik. Via taal kry die kind 'n beeld van homself en 'n beeld van die wêreld rondom hom. Praat is dus fundamenteel in die ontwikkeling van die kind. Dit is deel van God se skepping. Deur middel van taal kry alles betekenis. Op hierdie manier het praat en die ontwikkeling van kennis invloed op mekaar.

Praat het ook alles te make met die sosiaal-emosionele ontwikkeling. Deurdat die kind omgaan met ander, vorm hy 'n beeld van homself. As 'n kind byvoorbeeld dikwels beloon word ("Mooi so, goed gedoen!"), sal hy meer positief oor homself dink. Hierdeur word sy selfvertroue vergroot. En dit is weer belangrik vir die feit dat hy begin praat.

'n Kind het steeds meer en meer die behoefte daaraan om oor sy ervarings te vertel. Dit hang wel af van die manier waarop sy omgewing daarmee omgaan. 'n Houding van aanvaarding van die kant van die opvoeder vir dit wat die kinders wil laat sien (hoor), is belangrik.

Natuurlik moet kinders wel die geleentheid kry om self ervarings op te doen wat nodig is vir die vorming van 'n selfbeeld en van 'n wêreldbeeld. Elke ervaring wat 'n kind opdoen, sê iets oor homself en oor die wêreld rondom hom. Iets word daaruit geleer.

Die voer van gesprekke met kinders is nie so eenvoudig soos dit lyk nie. 'n Gesprek is altyd tweerigtingverkeer. In die gesprek tussen 'n ouer en 'n kind is daar 'n "gesagsverskil". Daardeur kan dit maklik 'n eenrigting-gesprek word. En dan is dit al gou 'n "geslote" gesprek. (Soms moet dit so wees, want kinders vra duidelikheid.). Daarin word iets opgedra of iets meegedeel. Geen teësprak word geduld nie ...

U ken die spreuk wat sê dat ervaring is soos 'n kam wat mens kry nadat al jou hare uitgeval het. Dit het my as ouer laat dink aan die kuns (of sal ek eerder sê die gebrek by myself aan hierdie kuns!) om 'n goeie gesprek met jou eie kinders te voer. Enige hulp hiermee, kan net waardeer word. Dalk leer ons betyds om nog met ons kinders goeie gesprekke te voer of om dalk toegerus te word om met ons kleinkinders te doen waarin ons soms met ons eie kinders minder suksesvol mee was. In my eie soeke na hulp om beter gesprekke met my kinders te voer, het Tonnis Bolks se artikel oor "Praatjesmakers" tog 'n handreiking gegee om mee verder te kom. Daarvoor bied ons dit vir u aan ... 'n handreiking. Ons laat die enkele verwysings na die nie-Suid-Afrikaanse konteks onveranderd. Dit doen ons met die verwagting dat die gesprek oor gesprekke met kinders in elk geval nie vir volwassenes 'n verhinde- ring sal wees om baie te leer nie.

E. Viljoen

As 'n mens meer oor jou kinders te wete wil kom, dan is 'n "oop" gesprek nodig.

Dit vra baie van die volwassene se vermoë om in voeling te wees. Die belewingswêreld van kinders is anders as dié van volwassenes. Wat voel die kind op hierdie oomblik? Dit is 'n lastige vraag. Die invulling vir die ander gebeur al gou. Veral by kinders wat nie soveel vertel nie. Byvoorbeeld: "Dus jy hou daarvan, Jeroen?"

Omdat hierdie invulling dikwels verkeerd is, voel die kind dat hy nie altyd verstaan word nie. Eintlik hou Jeroen glad nie daarvan nie. So 'n beoorde- lingsfout spoor die kind natuurlik glad nie aan tot 'n volgende gesprek nie. Op hierdie manier word heeltemal verbygegaan aan dit wat die kind eintlik wou vertel.

By so 'n invulling lê die ouer sy gedagtes op aan die kind. Dikwels

gebeur dit onbewus. Dit kom baiekeer voor as 'n ouer die gesprek vinnig wil laat verloop. As daar eintlik nie tyd is vir 'n werklike gesprek nie. Ouers het dan nie soveel geduld nie. Dit kom dikwels voor by kinders wat moeite ondervind om hul gedagtes en gevoelens onder woorde te bring. Die ouer vul dan in om die gesprek aan die gang te hou. En kinders het die neiging om hulle aan te pas by die volwassene. Daarom sal die kind nie gou sê dat dit nie so is nie.

Op daardie oomblik speel tyd 'n groot rol.

Kinders het tyd nodig om hul verhaal te vertel. As die tyd min is, geluk dit hulle meestal nie. Die ouer kry dan nie die inligting wat hy graag wil hê nie. Daar was nie openhartigheid nie.


Openhartigheid blyk uit die manier waarop op kinders gereageer word. Byvoorbeeld: Jeroen kom huilend en kwaad die huis binne. Sy ma se reaksie sou kon wees: "Jy het weer baklei!" Dit is 'n vasstelling en Jeroen kan min hierteen inbring. Die opmerking is "geslote". Jeroen word nie uitgenooi om hierop te reageer nie.

Sy ma sou ook kon sê: "Jy lyk nogal kwaad. Jy het seker baklei?" In hierdie sin is 'n konklusie. Miskien klop dit (nie). Deur die woordjie "seker" kan Jeroen hierop reageer.

Sou die sin vanuit die ma se oogpunt gesê word (as ek-boodskap), dan sou dit duidelik wees dat sy dit as per-soonlik beskou. Dan kan daarop ingegaan word. Daardeur word uitwisseling van gedagtes gestimuleer. "Ek sien dat jy huil en kwaad lyk. Het jy baklei?" Dit bly 'n "geslote" vraag: 'n ja of 'n nee kan as antwoord volg. Dit kán die verdere gesprek kortknip.

'n Oper manier is 'n opmerking soos: "Ek kan sien iets is fout ...", of selfs net 'n vraende kyk sonder woorde. Daarop sal daar verseker reaksie kom ...

'n Vraende kyk sonder woorde is gewoonlik baie effektief. Dan word gebruik gemaak van nie-verbale kommunikasie. Hoe 'n mens voel,



kan jy dikwels beter laat sien as verwoord. Die gesigsuitdrukking, die houding, ens., gee meer rigting aan die gesprek as die inhoud self. Dit geld vir volwassenes sowel as vir kinders. Veral jong kinders kan nog nie so goed hul gedagtes en gevoelens in woorde uitdruk nie. Hulle moet die geleentheid kry om te laat sien wat hulle voel en dink. 'n Gapende kind het genoeg gesê ... En 'n kindertekening spreek dikwels ook vanself. Daaruit kan baie gelees word!

Openhartigheid beteken onder andere aansluiting by die kind. Dit is 'n belangrike voorwaarde vir 'n goeie gesprek. Dit gaan daaroor dat kinders gemotiveer word om te kommunikeer en om inligting te gee. Maar hoe doen 'n mens dit? Jochem van Gelder weet duidelik hoe. Die kinders met wie hy praat, sit op 'n hoë "troon", op ooghoogte met die aanbieder. Hy vra oor alles en gebruik veral oop vrae: "Vertel ons!" "Hoe het dit so gekom ...?" "Dit klink lekker, en wat gebeur toe ...?" "Ek verstaan dit nie; bedoel jy ...?" Dis duidelik dat Jochem en die kinders op hul gemak voel. Jochem kyk vir die kinders en hy luister regtig na hulle. Tussendeur maak hy grappies. Af en toe demonstreer hy iets en hy gebruik soms uitgebreide gebare. En hy gebruik sy tyd (in soverre dit moontlik is in 'n televisieprogram).

In die Nederlandse televisieprogram *Praatjesmakers* vind ons dus goeie voorbeelde van kommunikasie met kinders. Wat is belangrik?

In die eerste plek moet die gespreks-genote op hul gemak voel en bereid wees tot die voer van 'n gesprek. Met 'n oop houding en deur oop vrae

te stel, kan 'n goeie gesprek ontstaan waarin die kind kan sê wat hy voel of dink. Dan gee die kind onvervalste inligting. Dan sê hy nie iets omdat hy dink dit moet op daardie oomblik gesê word nie.

Samevattend nog 'n paar punte waarop gelet moet word:

Sorg daarvoor dat jy op dieselfde ooghoogte as die kind is. Verskil in lengte kan ook verskil in mag uitstraal. Dit het invloed op die kommunikasie. Die grootste een is die baas. Die kleinste een luister en wag. Kinders is ondergeskik. As ons kwaad is vir 'n kind, kan ons bly staan. As ons 'n gesprek wil voer, kan ons eerder gaan sit. Kyk na mekaar as jy praat. As 'n mens wil sien wat by 'n kind leef, dan kan dit uit die gesigsuitdrukking afgelei word. 'n Kind kan "ja" sê, maar "nee" laat sien. Jy kan ook aan die kind sien of hy nog 'n gesprek wil voer. Luister hy, het hy 'n gewillige houding, lyk hy vrolik en belangstellend? Kinders kan jok, fantaseer of angstig wees. Dit kan ook opgemerk word. Luister na dit wat die kind sê. 'n Kind het sy eie verhaal. As die ouer die inisiatief neem by die gesprek, dan is die kans groot dat die verhaal nie gehoor word nie. Kinders kan hulself dan losmaak van die gesprek. Dit kan gesien word deurdat die kind maak asof hy jou nie hoor nie, besig raak met iets anders, 'n afwagende houding aanneem, nie meer aktief saampraat nie, kort antwoorde gee, wegkyk of selfs wegloop. Daarmee is die gesprek verby. By die kind is die motivering weg. Let op die tekens en op wat daaragter skuil. Probeer om speel en praat te kombineer. Kinders het baie energie en kan meerdere dinge gelyktydig doen. Hulle wil dikwels nie rustig gaan sit vir 'n gesprek nie. Die voordeel van speel is dat daar 'n aangename atmosfeer heers. Spel en spanning gaan nie saam nie. Humor werk altyd goed, veral as daar spanning by die gesprek betrokke is.

Deur gesprekke met kinders te voer, hou altyd in dat jy kontak met hulle het. Deur gesprekke met die kinders

GOD VRA, TEREG, NA ONS DANKBAARHEID

Mnr AP Drijfhout

BRIEWE VAN LESERS



In die Kompas uitgawe van Januarie 2006 is 'n artikel geplaas van ds. B Luiten (oorspronklik geplaas in De Reformasie van 10 Sept. 2005) Dit is geplaas onder die titel: "God vra nie dankbaarheid nie." Ek sou graag van die geleentheid gebruik maak om daarop te reageer.

In die artikel word gewaarsku daarteen dat dankbaarheid nie as 'n voorvereiste gesien moet word om gered te word nie. Tydens die reformasie is gewaarsku teen die redding uit goeie werke. Daar is egter nooit gesê dat God geen goeie werke vra nie. Soortgelyk moet ons ook vandag onthou dat, alhoewel ons natuurlik nie op grond van ons dankbaarheid (werke uit dankbaarheid) gered word, God dit tog wel van ons vra.

Ds. Luiten beweer verder dat in die skrifbewyse by vraag en antwoord 2 van die Heidelbergse kategismus nêrens dankbaarheid van ons gevra word nie. Dit is egter onwaar. In Ps 50:14 beveel God ons om dank aan Hom te offer. Verder sê God ook duidelik in vers 15 "Ek sal jou uithelp,

(vervolg vanaf bls 15)

leer jy hulle ken, leer die kinders hulself ken en leer die kinders die ander en die wêreld ken. Dit bied geleenthede om verder te gaan. Kinders ontwikkel op verskeie gebiede. Deur vroeg te begin met kontak maak deur middel van gesprekke, word ook die basis vir die geloofsopvoeding gelê. Om praatjies te maak (gesprekke te voer) is van groot belang, vir die kinders en vir die ouers. Almal leer hierdeur!

Vertaling van: *Praatjesmakers: over gesprekken met kinderen*, deur Tonnis Bolks. Uit: *Wegwijs*, jaargang 59, nr 7, Augustus/September 2005. ☩

en jy moet My eer." God beveel ons om Hom met dankbaarheid te eer vir Sy wonderlike daad. Die kategismus verwys ook na Matt. 5:16 - "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Die woord dankbaarheid kom hier nie pertinent voor nie. Beteken dit egter dat hier nie vir dankbaarheid gevra word nie? Die Bybel leer ons dat goeie werke en dankbaarheid nie los van mekaar staan nie. Goeie werke wat nie in dankbaarheid gedoen word kan tog geen "goeie" werke wees nie?

Vervolgens word daar ook in die artikel genoem dat die woord *dankbaarheid* skaars in die Bybel voorkom. Hy vervolg dat "hier iets gaande is wat die moeite werd is om van nader te beskou." Hy is dood reg. Dit sal dalk goed wees om die woord "dankbaarheid" van nader te beskou. In enige taal bestaan woorde uit 'n stam en 'n afleiding of samevoeging. Die stam van "dankbaarheid" is "dank." Gebruik nou 'n konkordansie en soek "dank" op. Dit is gou duidelik dat die woord *dank* herhaaldelik in die Bybel voorkom. Deur die tekste na te slaan, beland ons in Levitikus by die dankoffers. Ons kon moeilik vir 'n duideliker voorbeeld gevra het. God beveel sy volk om dankoffers te bring. 'n Duidelike bevel waarin Hy aanspraak maak op ons dankbaarheid. Salomo skryf in Spr. 7: 14 "Ek moes dankoffers bring, vandag het ek my geloftes betaal." Salomo het dus 'n duidelike opdrag gehad om dank te betoon. Sou ons dit dan nie ook hê nie? In die nuwe testament stel Christus herhaaldelik vir ons die goeie voorbeeld deur die Vader te dank. Elke keer by die nagmaal hoor ons: "Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het ..." Sou Christus ons so voorgegaan het in danksegging, as Hy nie wou hê dat

ons dieselfde doen nie? "Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle." (1 Thess. 5:18)

Die derde subopskrif in die artikel lui: God vra geloof. En tereg, maar laat ons nooit vergeet dat geloof bestaan uit woorde en daad. Geloof sonder die werke is immers leeg! (Jak 2:20). Ps 50:23 leer ons: "Die een wat dank offer eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal ek die heil van God laat geniet." Geloof en dankbaarheid gaan dus hand aan hand. Ds. Luiten waarsku dat ons die dankbaarheid nie te veel op die voorgrond moet stel nie. Ons word immers puur uit genade gered en nie op grond van dankbaarheidsgraad nie. Deur te veel klem te lê op die dankbaarheid sou daar dan vasgekyk kon word in dit wat ons moet "doen" om gered te word. Daar moet egter onthou word dat God gee wat Hy vra. Hy vra geloof van ons, maar dit is ook Hy wat die geloof skenk. Netso vra Hy ook dankbaarheid, maar werk dit terselfdertyd in ons deur sy Gees. Deur geloof en dankbaarheid in die selfde asem te noem, lê ons dus nie klem op die mens se sogenaamde bydrae nie. Ons doen juis die teenoorgestelde. Ons roem God daardeur vir sy wonderlike werk in ons nietige mense.

Laat ons daarom nie die dankbaarheid op die agtergrond skuif nie, maar laat ons eerder saam met die apostel Johannes sê: "Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan ons God tot in ewigheid!" (Openb.7:12)

Red. - *Onderstaande brief is vir reaksie na ds B Luiten gestuur, ons het nog geen reaksie van hom ontvang nie* ☩

MOET ORRELISTE OOK BETAAL WORD?

Mnr J Moes

KLIP IN DIE BOS

Ons betaal traktement vir ons predikante en sendelinge. Ons vergoed die koster en kerkskoonmaker vir sy/haar dienste. Maar ons vergoed nie orreliste, ouderlinge, diakens en kommissieledes vir hulle dienste in die kerk nie. Wat is die rede dat ons sommiges vergoed vir hul kerklike dienste en ander nie? Gaan dit oor die hoeveelheid tyd, oor verantwoordelikheid, oor kerklike tradisie of oor nog ander redes? Ek besef ek begeef my nou op baie dun en gladde ys. Maar dalk moet ons 'n slag besin oor materiële vergoedings vir take in die kerklike lewe.

Die uitgangspunt moet wees dat ons kerk van Jesus Christus is. Hy het ons sy liefde bewys, ons uit die wêreld gekoop met sy kosbare bloed en ons selfs sy bruid genoem, ons as broers en susters aangeneem sonder enige verdienste van ons kant. Dus moet ons in liefde vir Hom ook met mekaar in die kerk saamleef, vir mekaar 'n hand en 'n voet wees. In 'n gewone gesin sal dit snaaks wees as 'n broer 'n takie doen vir sy suster en dan daarvoor betaling wil ontvang. Hulle is mos broer en suster en hulle ouers sorg tog vir hulle. Daarom is hulle in liefde aan mekaar verbind en nie in 'n afstandelike verhouding nie. Dan moet dit seker ook so gaan in die kerk. Want die kerk vorm die huisgesin van Christus, waar God vir ons sorg. Dus vra ons nie betaling van mekaar vir liefdesdienste wat ons aan mekaar bewys nie.

Kom ons kyk 'n bietjie na die geskiedenis en agtergrond van kerklike bydraes. In die Ou Testament het die Here voorgeskryf dat die volk Israel tiendes (10% van hulle inkomste) moet betaal vir die onderhouding van die priesterdiens. Die priesterdiens is verrig deur die stam Levi, een van die dertien stamme



van die volk Israel. Dus moes twaalf stamme een stam onderhou. En dus moes elk van die twaalf stamme gemiddeld 'n twaalfde deel (8%) van hulle inkomste afstaan om die dertiende stam te onderhou op dieselfde lewenstandaard, sodat die priesterdiens verrig kon word. Saam met die ekstra "lopende uitgawes" vir die tempeldiens verklaar dit dus hoekom die volk die tiendes (10%) vir die onderhouding van die priesterdiens en die tempel moes betaal.

Die priesterdiens van die stam Levi het trouens meer behels as net die offerdiens en die verklaring van die Skrif. Hulle het ook gesorg vir die sang en die musiek by die groot godsdienstige feeste (Asaf, Jedutun, die Koragiete, ens.) en het ook diens gedoen as kosters van die tempel ("drumpel- en poortwagters"). Dit is opmerklik dat daar baie predikante in sekere ("persoonlike") kerke is wat bitter min uit die Ou Testament preek, maar sterk nadruk daarop lê dat die lidmate hulle tiendes betaal ...

Tydens die drie jaar dat die Here Jesus met sy dissipels rondgetrek het, is hulle waarskynlik onderhou deur hul families ('n aantal dissipels het gekom uit 'n vissersbesigheid), deur eie besittings (Levi = Matthéus was 'n tollenaar) of deur welgestelde

vroue. In die eerste Nuwe-Testamentiese kerk (Jerusalem) het die lidmate (soos Ananiás en Saffira) geld gebring vir mekaar se gemeenskaplike onderhoud, dus vir die onderlinge diensbetoon, die diakonie (Hand. 4:35). Die latere apostels het deurgaans in hul eie onderhoud voorsien (Paulus was tentmaker), terwyl die kerkverband fondse ingesamel het vir die diakonie van ander kerke (soos Korinthe vir Jerusalem, 2 Kor. 8). Eers later het die professionele geestelike ontstaan, wat onderhoud is deur die kerkvolk en die opbrengs van kerklike landerye en brouerye.

Tydens die Reformasie is besef dat predikante voltyds afgesonder moet word vir die bediening van die Woord. Art. 11 van die Dordtse Kerkorde bepaal dat die gemeente verplig is om sy predikante na behore te onderhou. En dit sluit dan deurgaans in dat die predikante nie ander werk hoef te doen om in hul gesin se onderhoud te voorsien nie. Daarby het dit vir eeue gebly. Maar daar is nou 'n neiging om ook ander take in die kerk te koppel aan 'n vergoeding. Dit het seker te make met ten minste twee ontwikkelings in ons samelewing.

In die eerste plek soek ons professionele dienste, soos vir die instandhouding van die kerk se tuin, vir die loodgieterswerk aan die pastorie, vir die stem van die orrel, vir die bou van 'n nuwe preekstoel, en so meer. Ons stel eise aan die gehalte van hierdie dienste. As 'n broeder of 'n suster iets vrywillig doen, is dit moeilik om aan te dring op professionaliteit. Maar as daarvoor betaal word, dan kan jy aandrang op die lewer van 'n professionele diens, ook al betref dit 'n broer of 'n suster. Die ander ontwikkeling in die samelewing is die skaarste aan tyd. As ek sommer nou of op vaste tye

moet klaar staan om iets vir die kerk te doen, dan moet ek my ander take of verantwoordelikhede eenkant sit en dan moet die kerk my dalk maar daarvoor vergoed. As ek dit op my eie tyd kan doen (in my “vrye” tyd), dan hoef ek nie daarvoor betaling te ontvang nie.

Die laaste lei daartoe dat vaste take op vaste tye wel vergoed word. Die kerkgebou moet skoon wees voor elke Sondag se eredienste, die pastorie moet vir gereelde onderhoud geverf word, die inkomstebelasting van die predikante moet voor die sperdatum van SARS ingehandig word, ens. Maar wat dan van die orrelis? Hy/sy moet elke Sondag klaarstaan om die gemeentesang te begelei. En wat van die ouderling of diaken wat van sy na-belaste inkomste petrol moet koop om

lidmate te besoek? Moet hulle dan ook nie daarvoor vergoed word nie? In baie kerke word vir die orrelis inderdaad ’n vergoeding betaal. Maar ’n ouderling of diaken wat sy “kilometers eis”?

Daar bly dus ’n subjektiewe balans tussen wie in die kerk vir watter dienste vergoed word. Die eerste is gewoonlik maar eers om te kyk of ’n kerklike taak nie vrywillig deur ’n lidmaat gedoen kan word nie. Baie lidmate gee ’n groot deel van hul “vrye tyd” aan amptelike werk of kommissietake. Maar vakmanne (soos loodgieters, elektrisiëns, skryfwerkers, boekhouers, ens.) is meer intensief betrokke by professionele take in die kerk as lidmate met ander beroepe (boere, verkopers, klerke, navorsers, ens.). Elke lidmaat

moet maar afweeg of sy/haar bydrae aan die funksionering van die kerklike lewe in balans is met ander se bydraes en of hy/sy nie maar net konsumptief betrokke is nie en gerieflik maar ander lidmate die werk laat doen.

As niemand vrywillig beskikbaar is vir ’n kerklike taak nie, kan ’n vergoeding vir die werk uit die kerklike begroting beskikbaar gestel word om te sien of ’n kerklidmaat dan wel bereid is om die werk te doen. As dit ook nie suksesvol is nie, kan professionele dienste van buite die kerk ingehuur word of moet maar sonder die dienste klaargekom word. Maar in die geval van gebrek aan orreliste sal ons dan seker maar “a-capella” sing, eerder as om ’n professionele orrelis uit die simfonie-orke te huur. Of wat sê u? ✠

Vier ‘n geestelike feesmaal (2)

- Die viering van die nagmaal op Goeie Vrydag

Dr J Smelik

KERKLIKE SAKE

Ortodoks-protestantse kringe
In die negentiende eeu was daar ook ortodoks-protestantse persone en kerklike vergaderings wat gedink het dis ’n goeie idee om op die Vrydag voor Paasfees die nagmaal te vier. In sy strewende dat Goeie Vrydag “meer en meer na waarde gevier” sou word, het die hervormde sinode (Nederland) van 1853 die viering van die nagmaal beskou as ’n bruikbare middel om die gepaste waardigheid aan die erediens te gee.

Almal was egter nie gelukkig daarmee nie. In die tydskrif *Ernst en Vrede* (1858, p. 165) het D Chantepie de la Saussaye, destyds predikant te Leiden, geskryf: “... by die toenemende afsondering van Goeie Vrydag, ook wat betref die viering van die Heilige Nagmaal, wil ek die vraag na vore bring: of ’n mens hierdeur nie aanleiding gee tot die voorstelling van die Nagmaal as

slegs ’n herinnering aan die dood van die Here nie, met die tersydestelling van ’n meer evangeliese en baie ryker denkbeeld van gemeenskapsbeoefening met die lewende Here, waartoe die Paastekste soveel te meer aanleiding gee.”

Soortgelyke proteste het egter nie gebaat nie: rondom 1900 was dit in die Nederlandse Hervormde Kerk oor die algemeen gebruiklik om op Goeie Vrydag die nagmaal te vier. Dikwels is dit selfs beskou as die belangrikste nagmaalsviering van die jaar.

Afskeiding en Doleansie

In die kerke wat uit die Afskeiding en Doleansie ontstaan het, is gedebatteer oor die vraag of en in hoeverre Goeie Vrydag as ’n kerklike gedenkdag gehou mog word. Oor die algemeen was die situasie so dat die afgeskeie kerke sterk gekant was teen Goeie

Vrydag as gedenkdag waarop ’n erediens belê is, terwyl die kerke wat in 1886 met die Doleansie saamgegaan het, reeds ’n paar dekades lank vertrouwd was met eredienste op Goeie Vrydag. In die dolerende kerke was daar meer begrip vir die verskynsel, maar ook hier het die sinode in 1890 uitgespreek dat om “’n viering” van Goeie Vrydag in te voer, nie aanbeveel word nie.

Die vraag of die nagmaal ook op Goeie Vrydag gevier kon word, is binne die gereformeerde kerke nadruklik negatief beantwoord. Byvoorbeeld: in 1887 het die Nederlandse Gereformeerde sinode uitgespreek: “Ooreenkomstig die Kerkorde sal die Heilige Nagmaal in elke kerk ten minste sesmaal per jaar, en nie op die Goeie Vrydag nie, bedien word.”

Soos hierbo reeds vermeld, is in 1905 in die Gereformeerde Kerke in Nederland die bepaling oor die nagmaalsviering op die Christelike feesdae uit die kerkorde geskrap. Die oorspronklike bepaling uit die Dordtse Kerkorde waarin die nagmaalsviering op die Christelike feesdae

aanbeveel word, word vandag nog net in die kerkorde van die Gereformeerde Gemeente gevind.

Goeie Vrydag as gedenkdag is in die sewentigerjare van die twintigste eeu in die vrygemaak-gereformeerde kerke amptelik kerklik vasgestel: in die Kerkorde (1978, art. 68) staan die dag by die feesdae waarop die kerkraad die gemeente moet saamroep vir 'n openbare erediens. Ook die Voortgesette Gereformeerde Kerke in Nederland vermeld in hul kerkorde (konsep-uitg. 2004, art. 60) Goeie Vrydag by die feesdae waarop die kerkraad die gemeente moet saamroep.

Die idee om op Goeie Vrydag die nagmaal te vier, is na die Tweede Wêreldoorlog herhaaldelik deur die sinodaal-gereformeerde kerke geopper. In die vrygemaak-gereformeerde kerke word hierdie idee veral in die laaste twee dekades soms genoem.

Passie en Paasfees

Dit spreek vanself dat die inhoudelike motivering om te pleit vir 'n nagmaalsviering op Goeie Vrydag, by gereformeerdes totaal anders is as by die vrysinniges in die negentiende eeu.

Dat sommige gereformeerdes die nagmaal op Goeie Vrydag wil vier, kom hoofsaaklik voort uit die gedagte dat dit passend is in 'n diens waarin die lyding en sterwe van die Here spesifiek aandag kry. Die nagmaalsviering is mos die verkondiging van die dood van die Here (1 Korinthiërs 11:26). Christus het Homself vir ons oorgee in die dood: dit word deurvertel so dikwels as wat die nagmaal gevier word. Die bestanddele van "brood" en "wyn" word deur Jesus Christus aangedui as sy gebreekte liggaam en sy vergote bloed, wat ook onmiskenbaar heenwys na sy lyding en veroordeling.

Die "gedagtenis"-deel in die klassiek-gereformeerde nagmaalsformulier vertolk op 'n onnavolgbare manier die onverbreeklike verband tussen Christus se lyding en sterwe en die viering van die nagmaal: "So dikwels

as wat julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, sal dit vir julle soos 'n betroubare pand wees, wat julle aan My hartlike liefde en trou jeens julle herinner en daarvan verseker. Ek het mos vir julle, wat anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gegee en my bloed gestort. En Ek voed en verkwik julle hongerige en dorstige siele met my gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed tot die ewige lewe. Dit is ewe seker as die brood wat voor julle oë gebreek word en die beker wat aan elkeen gegee word en julle tot my gedagtenis daarvan eet en daaruit drink."

Lyding, dood en opstanding

Dit lyk dus asof daar steekhoudende argumente is om die nagmaal op Goeie Vrydag te vier. Tog is die onderbou daarvan onvoldoende en nie deurslaggewend nie. Daar word naamlik te eensydig geargumenteer vanuit die verhouding tussen die nagmaal en die heilsfeite wat op Gólgota plaasgevind het. Die nagmaal word te beperk beskou as gedagtenis aan Hom wat gely en gesterf het.

Uit die Skrif leer ons dat Christus se lyding en sterwe nie losgemaak kan word van sy opstanding nie. Hierdie eenheid word onder meer verwoord in Romeine 6: "Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding" (Romeine 6:4-5). 'n Entjie verder in die Romeine-brief skryf Paulus selfs: "Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." (Romeine 8:34).

Die gemeente deel in Christus se lyding én verheerliking. Deur die Gees laat Christus "ons in ware gemeenskap met Hom lewe en in al sy rykdom, die ewige lewe, geregtigheid en heerlijkheid deel." (nagmaals-



formulier). Hier kan ons ook dink aan wat die kerk bely in Sondag 17 van die Heidelbergse Kategismus: deur die opstanding het Christus die dood oorwin, "sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak."

Die eenheid in die Bybel tussen die sterwe en die opstanding van Christus het Calvyn as volg onder woorde gebring: "Laat ons daaraan dink dat, so dikwels as wat van die dood alleen melding gemaak word, terselfdertyd daaronder verstaan word dit wat eie is aan die opstanding, en dat ook, so dikwels as wat die opstanding afsonderlik genoem word, net so ook daaronder verstaan word dit wat in die besonder by die dood pas."

Die Bybelse gegewe van die onlosmaaklike band tussen Christus se vernedering en verhoging het in die vroeg-Christelike nagmaalsgebede gestalte gekry deur die sakrament op die volle heilswerk van Christus te betrek.

In die Vroeë Kerk het dit ook vorm aangeneem deur Goeie Vrydag en Paasfees as een fees te beskou. Die Paasfees het uit drie dae bestaan, en die nagmaal is gevier op die hoogtepunt van die fees: Paassondag. Op grond van die eenheid van Christus se lyding, sterwe en opstanding was daar geen sprake dat die nagmaal reeds op Goeie Vrydag gevier sou word nie.

Eeue later het Abraham Kuyper dieselfde standpunt verdedig. In 1888 het hy beswaar daarteen

gemaak dat kruisiging en opstanding uit mekaar getrek word deur die nagmaal op Goeie Vrydag te bedien. Volgens hom moes die nagmaal op die Paasfees gevier word.

Gedenk die léwende Here

In die lig van die noue eenheid tussen Goeie Vrydag en Paasfees, is dit dus nie logies nie en nie gewens nie om die nagmaal op die lydensvrydag te vier nie. 'n nagmaalsviering op Goeie Vrydag konsentreer ons gedagtes te eensydig op die verhouding tussen die sakrament en die lyding en sterwe van die Here. Dit is egter altyd die léwende Here wat sy tafel van die nuwe verbond berei. En dit is die gemeente wat as liggaam van die opgestane Here (1 Korinthiërs 12:27) die dood van die Here verkondig.

By die nagmaal gaan dit nie daaroor om maar net die herinnering aan Iemand wat gesterf het, lewendig te hou nie. Net so min is dit in die eerste plek die bedoeling van die nagmaal om ons aandag te bepaal by 'n historiese heilsfeit (nl. die lyding en sterwe van Christus as versoening van die sondes). By brood en beker gedenk die gemeente Christus soos sy Hom ken en soos Hy is: die lewende Here wat gely het, gesterf het, opgestaan het en opgevaar het (vandaar: *sursum corda* – die harte omhoog!) en wat aan die regterhand van die Vader sit vanwaar Hy sal terugkom. In die gebed in die nagmaalsformulier word gesê dat nie die sonde nie, maar Christus in ons en ons in Hom moet léwe.

Vanuit 'n ander gesigspunt gesien: die nagmaal is bo alles om gemeenskap met Christus te hê (1 Korinthiërs 10:16). Hierdie gemeenskap beteken nie net om te deel in die weldade van die gekruisigde Christus nie, maar ook van die verhoogde Christus. Daarom gaan dit nie net oor die gedagtenis aan die Here wat gely en gesterf het nie, maar ook oor Hom wat opgestaan het, na die hemel opgevaar het, sy Gees gestuur het en op die wolke sal terugkom.

(Word vervolg)

Vertaling van hoofstuk 10 uit: *Gods lof op de lippen: Aspecten van liturgie en kerkmuziek*, deur dr Jan Smelik. Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer, 2005. ☩

Die missionêre kerk (3)

- 'n Lae drumpel en 'n hoë doel

Ds PG Boon

RANDOM DIE KERK

In hierdie reeks wil ek graag aandag skenk aan die missionêre karakter van die kerk van Christus. Missionêr, dit wil sê 'n kerk wat in sy wese gestempel is deur die opdrag van die Here Jesus in Matt 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." In die derde artikel kyk ons na watter riglyne die Nuwe Testament bied om as kerk wesenlik uitnodigend na sondaars en ongelowiges toe te wees. Vind ons in die Nuwe Testament konkrete voorbeelde hoe om missionêre kerk te wees?

Die gemeente is nooit volmaak nie

As daar een Bybelboek is wat illustreer dat 'n gemeente nie eers volmaak hoef te wees om te kan evangeliseer nie, is dit die brief aan die Korinthiërs. Waar in die Nuwe

Testament vind ons 'n gemeente wat meer probleme gehad het? Paulus vermaan die gemeente ernstig oor talle sake: tweedrag, onderlinge minagting, 'vleeslike' optrede, spog met 'gnostiese' insigte, hoogmoed, ontug wat in die gemeente toegelaat word, reg wat gesoek word by wêreldse regters, geen rekening wat gehou word met swak broeders nie, skandelijke misbruike soos dronkenskap by die nagmaal, opgeblasenheid vanweë spesifieke geestelike gawes, chaotiese eredienste, en sommiges wat selfs openlik aan die opstanding getwyfel het! Daar is geen gemeente wat beter illustreer dat God se kerk op aarde slegs in aanbou is. Wat egter opvallend is in Paulus se briewe aan hierdie gemeente, is dat hy nie verval in 'n eers-en-pas-daarna denke nie. Asof eers die 'eie' gemeente op orde gebring moet word voordat hulle buitentoe kan beweeg.

Paulus oor die swakkes in die gemeente

In die Nuwe Testament word daar dikwels gepraat oor die 'swakkes'. Ons is geneig om hierdie benaming veral 'na binne gerig' te interpreteer. Die term 'swakke' word dan toegepas op Christelik opgevoede mense met 'n streng gewete. In die missionêre situasie van die Nuwe Testament was dit egter anders. Ons vind hier gemeentes met 'n veelvoud van mense wat uit die wêreld oorgekom het. In 1 Korinthiërs 8 sê Paulus oor hulle, onder die benaming 'swakkes':

- hulle gewetens is nog nie los van die afgode nie, hulle staan as't ware nog naby die heidendom
- hulle word maklik deur die vryheid van meer ervare en ryper gemeentede tot twyfel gebring
- hulle is ook broers, vir wie Christus gesterf het
- hulle kan nog verlore gaan
- wie teen hulle sondig, sondig teen Christus, omdat hulle ook deel is van die liggaam van Christus.

As 'n mens hierdie opmerkings op jou laat inwerk, bring dit die besef dat ons 'sterk wees', ons groter kennis en ervaring in die geloof, nie beteken dat ons voor in die ry staan by God nie.

Inteendeel, sê Paulus; en verwysende na homself noem hy dit 'n eer om self ook swak te wees (2 Kor 11:30 en 12:9-10). Hy verwyf die Korinthiërs dat hulle so spog met hulle krag (2 Kor 13:9). Want juis in ons swaakheid verheerlik ons God se genade. “Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk” (1 Kor. 12:22). 'n Gemeente wat geen 'swakkes' in hierdie sin ken of toelaat nie, loop groot gevaar om selfgenoegsaam en 'kragtig' in hulleself te word.

Ook in sy brief aan die Romeine praat Paulus oor die 'swakkes'. “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.” (Rom 5:6). Die besef van ons eie 'swaakheid' bring mee dat ons die 'swakkes' in die geloof aanvaar, sonder om oor hulle moontlike 'slegte bedoelings' te oordeel. “En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie. Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente. Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie” (Rom 14:1-2). Dit getuig nie van eie nederigheid as kerkmense toetreders tot die kerk met agterdog bejeën nie. Soos Augustinus opgemerk het, nadat 'n onkerklike hom by die kerk gevoeg het: ‘Laat hom, nou dat hy Christen geword het, duidelik die verskil agterkom tussen wat hy laat vaar het en wat hy gevind het. Hoe hy sal lewe en vir Christus sal ywer, dit sal die toekoms wel uitwys.’

Die aanvaarding van die swakke in die gemeente het alles te make met 'n houding van werklike navolging van Christus. Daarom moet die 'sterk' kerklede die gevoelighede van die swakkes verdra en nie net op hulleself gerig wees nie. In dié sin gee Paulus ons 'n Teosentriese (aan God die eer) visie op 'swaakheid'. God is nie afhanklik van menslike krag of prestasies nie, ook nie in die kerk nie. In plaas daarvan verkies Hy die swakkes, goddeloses en vyande, om hulle te vorm tot die maaksel van sy hande wat sy krag laat skitter.



Mense wen en red

Hierdie is twee kernwoorde wat Paulus gebruik. Hy wil mense 'wen' vir sy doel, hulle as 't ware tot slawe maak. “Om soveel as moontlik van hulle te win” (1 Kor 9:19-23). So wil Paulus vir die Jood 'n Jood, vir die heiden 'n heiden, vir die swakke 'n swakke word. Vir die Korinthiërs moes hierdie houding van Paulus nog verwarrend oorgekom het. Wie is nou die egte Paulus? By die een groep eet hy 'kosher' kos en neem die rituele voorskrifte stiptelik in ag, by ander weer omgekeerd... Is so 'n onstandvastige houding nie ongeloofwaardig nie? Maar Paulus maak dan duidelik dat sy houding 'n dieper konsistensie vertoon as wat aan die buiterekant sigbaar is. Hy is ten diepste daarop gerig om 'in elk geval sommiges te win vir Christus’.

Binne en buite

Dit gaan dus daarom dat mense 'gewin' word, of hulle nou binne of buite die kerk is. In hierdie lig is evangelisasie 'n totaal konsep, wat sowel verkondiging, onderwys, vermaning, versterking behels. Die hele pad van ongeloof tot bekering tot dissipelskap tot heerlikheid. Daarom dat die kerkdeur nooit bepalend kan wees vir waar evangelisasie ophou of begin nie. Daar moet oog, aandag en liefde wees vir die swakke, hetsy binne of buite die kerk. In hierdie verband is dit belangrik om daarop te wys dat die Bybeltekse oor die 'swakkes' soms misbruik word deur gemeentelede wat hul wil aan ander opdring. Die redenasie is dan soos volg: Ons moet ons altyd uit liefde aanpas aan die swakke. Dus as iemand êrens moeite mee het, moet ons dit nie doen nie, ter wille van die vrede in

die gemeente. Nou hang dit natuurlik daarvan af waarvoor dit presies gaan, maar as dit byvoorbeeld misbruik word om die strewe na 'n oper gemeente, of die teweegbring van missionêrgerigte verandering in die kerklike lewe te onderdruk, draai ons die saak natuurlik heeltemal onderstebo. Wie vashou aan vaste kerklike gewoontes, sonder om rekening te hou met die negatiewe konsekwensies daarvan op die missionêre uitstraling van 'n gemeente, gaan in teen die gees van die Skrifgedeeltes wat handel oor die swakkes. Hierdie argument weeg des te swaarder, omdat buitereklikelikes of belangstellende nie-Christene geen stem het op gemeentevergaderings of in die kerkraad nie. Daarom sal die stem van die 'insider' altyd die botoon voer oor die buitestaander. Die buitereklikelike kan sy belang (lees: behoud) nie bepleit in die gemeente nie.

Die belang (= behoud) van die ander voorop

In die brief aan die Galasiërs lees ons dat Petrus hom op 'n gegewe oomblik “teruggetrek en hom eenkant gehou het uit vrees vir die wat uit die besnydenis is” (Gal 2:12). Dit was nou 'n tipiese 'aanpassing' wat nie bedoel was om mense te 'win' nie. Inteendeel, Paulus noem Petrus se motief heel duidelik: dit was uit angs vir die medegelowiges. Hierdie motief deug nie. Nou sou 'n mens jou kon afvra: is dit dieselfde Paulus wat Petrus so staan en vermaan, wat self vir die Jode 'n Jood en vir die Grieke 'n Griek wil wees? Inderdaad, hoewel dit oppervlakkig nie so voorkom nie, is dit dieselfde Paulus. Want Petrus se aanpassing was 'n stap terug. Dit was naamlik nie die Joodse Christene uit die kring van Jakobus wat hier as 'swakkes' getipeer moet word nie, maar juis die *heiden-Christene*. Juis hulle het ondersteuning en teginoetkoming nodig gehad. Aan hulle moes Petrus hom bly aanpas het, juis ook nadat die Joodse Christene daar aangekom het. Die belang van die ander, die sondaar, dus voorop. Wie God se eer as hoogste doel het, sal bereid wees om alles op

te offer, sodat mense behou word.

Die laaste oordeel as eindperspektief

Die rede waarom Paulus in sy missio-nêre aktiwiteit geen onderskeid gemaak het tussen Christene en nie-Christene nie, lê in sy visie op redding. Wat is redding? Dit is duidelik dat Paulus die lidmaatskap van 'n kerk nog nie as 'redding' beskou nie. Redding en behoud word by Paulus gesien vanuit die perspektief van die laaste oordeel. Redding hou in regverdiging én heiliging. Sonder heiliging sal niemand God sien nie. Dus, nie die kerklidmaatskap is die einddoel van die evangelieverkondiging nie, maar redding in die oordeel. Die gemeente is 'n voorlopige opvanggebied vir die burgers van die koninkryk. Daarom staan ook die werk van 'n sendeling of evangelis in die lig van die laaste oordeel.

'n Lae drumpel en 'n hoë doel

In hoofstukke soos 1 Korinthiërs 12 tot 14 sien ons veral drie uitgangspunte wat Paulus se optrede bepaal:

- die eer van God bo alles
- die belang van die ander bo die eiebelang
- geen skerp onderskeid tussen 'binne' en 'buite' nie.

Dit merk ons byvoorbeeld in die adviese wat hy aan die Korinthiërs gee insake die spreek in tale. Hy roep hulle op om hulle verlange na die spreek in tale te matig, en wys in plaas daarvan op die noodsaak van profesie. Hy waarsku dat die oordrewe nadruk op die spreek in tale in die erediens die drumpel vir besoekers van buite af onnodig hoog maak. Hy onderstreep die belang dat ook 'n besoeker gestig moet word deur die erediens. Daarvoor is dit nodig dat hy verstaan wat aangaan. En, maak Paulus duidelik wat die uiteindelijke doel is: sodat ook die ongelowige aan God die eer kan bring. Kortom, *Paulus benadruk dat die erediens 'n lae drumpel moet hê met 'n hoë doel.* Die spreek in tale is uit die aard van die saak onbegryplik vir nie-ingewydes. Vanuit missionêre oogpunt is die tyd wat

aan die spreek in tale in die erediens spandeer word, gemorste tyd. Paulus praat liever in die gemeente vyf woorde, waarmee hy ook ander kan onderwys, as wat hy tienduizend woorde in 'n vreemde taal praat (1 Kor 14:19).

Wat vir ons in hierdie opsig baie leerzaam is, is dat Paulus die probleem *by die gemeente* lê en nie by die ongelowige of toehoorder nie. Die *gemeente* moet sy taalgebruik aanpas. Die erediens moet plaasvind in die gewone volkstaal, sodat oningewyde besoekers ook werklik bereik word.

Die eer van God in die middelpunt

Opvallend in 1 Korinthiërs 14 is dat Paulus die gebed en die sang in die erediens as voorbeelde neem. Eintlik is dit die mees intieme sake van die Christelike samekoms. Juis met betrekking tot hierdie sake sê hy dat hulle nie 'n drumpel mag wees vir besoekers nie. Hulle moet dit nie slegs kan verstaan nie, hulle moet self hulle 'amen' daarop kan sê, dit wil sê daardeur gestig word (1 Kor 14:17). Paulus kyk dus ook na die ongelowige as iemand wat aan God die eer moet gee. Die gemeente sien hy as die middel daartoe. Kortom, 'n gemeente wat slegs gerig is op interne sake en na binne funksioneer, doen tekort aan die eer van God. Dit mag 'n harde konklusie wees, maar die brief van Paulus aan die Korinthiërs laat geen ander gevolgtrekking toe nie. Wat die oogmerk is, is dat die ongelowige "op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is" (1 Kor 14:25). Dus aan God die eer, sowel deur mense binne as buite die kerk. En die kerk is die middel waardeur Christus dit wil verwesenlik.

En die res...

Die erediens is die hart van die gemeentelêwe. Juis van hierdie hart sê Paulus dat dit oop moet staan vir die toehoorder en die ongelowige. Dit wat in die kerk plaasvind, is 'n openbare gebeurtenis. En wanneer die hart toeganklik moet wees, geld dit ook vir die ander onderdele van die gemeente-

lewe. Die res moet dus ook toeganklik wees: kerkisasie, vereniging, Bybelstudiekring, ens. Hoe vanselfsprekend is kerklike aktiwiteit tog nie dikwels net gerig op die eie publiek nie. Maar as ons dit wat Paulus in die Korinthiërbrief leer, eerlik toepas, beteken dit dat geen onderdeel van die gemeentelêwe gevrywaar is van die eis tot toeganklikheid nie. Daar is geen byeenkoms waarvan ons kan sê: dit is slegs vir 'insiders' nie. Natuurlik is daar verskil in mate. Belydeniskerkisasie is nie uit die staanspoor bedoel vir nie-gelowiges nie. Deelname aan die nagmaal is nie uit die staanspoor bedoel vir besoekers nie, al neem dit nie weg nie dat die nagmaal 'n *openbare verkondiging* van die dood van Christus is. Ook tydens 'n nagmaalsdiens sal daar volledig rekening gehou moet word met die aanwesigheid van nie-gelowiges, belangstellendes, mense met 'n buite-kerklike afkoms.

Kom op vir die swakkes

Die Bybelse gegewens laat 'n eenduidige geluid hoor in hierdie opsig. Die swakkes, dit is in die kerk die besoekers, die toehoorders, die nie-gelowiges, moet hulle nie aanpas by die gemeente nie. Maar die gemeente moet hulle soveel as moontlik teemoet kom om saam na Christus te gaan. Nie toetredende buite-kerklikes moet hulle aanpas nie, maar 'gevestigde' Christene in die kerk. Hulle moet vir hulle opkom. Die sendeling Paulus is hier self 'n voorbeeld, en hy vaar ongekend fel uit teen Joodse Christene wat die heiden-Christene tot die besnydenis wil dwing. Laat hulle hulself maar vermink (Gal 5:12, letterlik staan hier kastreer). Dit klink grof, maar 'n mens verstaan dit teen die agtergrond van Paulus se hartstogtelike verdediging van die evangelie wat GRATIS is en nie verdien kan word deur goeie Joodse of goeie Christelike gedrag nie.

N.a.v. S Paas: "De werkers van het laatste uur. De inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en in de Christelijke gemeente." (Zoetermeer 2003) ✕

Dooplidmate in fokus by die nagmaaldiens

Ds E Viljoen

KERKLIKE LEWE

Die nagmaal is die brandpunt van die lewe met Christus. Dit is juis in die nagmaal waar dit na vore kom dat die gemeente leef uit die dood van Christus. Dit is een aspek van die nagmaal. Verder kom juis hier na vore dat die lewe in die gemeente met Christus 'n lewe van gemeenskap is. Dit word gevier op 'n feestelike manier wanneer die tekens van brood en wyn saam geniet word.

Dooplidmate uitgesluit?

Ons gebruik in die Vrye Gereformeerde Kerke is om die nagmaal tydens 'n erediens van die gemeente te vier. Dit is baie goed. Dit is 'n gemeentefeis en hoort daarom by die erediensfeis van die gemeente. Dit egter juis wanneer ons alle erns hiermee wil maak, dat ons tog na my oortuiging veel groter aandag sal moet skenk aan die dooplidmate tydens die erediens waarin die nagmaal gevier word.

Vir enige ouer met kinders wat nog nie saam aan die nagmaaltafel gaan nie, staan die nagmaaldiens nie altyd in die teken van vreugde nie. Ek bedoel maar daarmee dat die vreugde in die gesin gedemp word deurdat die kinders tog deeglik uitgesluit voel by die viering van die nagmaal. En wie kan hulle kwalik neem? Vir die grootste deel van die erediens is hulle bloot toeskouers.

Daar sal mense wees wat sê dat niemand uitgesluit hoef te voel wanneer jy bloot vanaf 'n afstand kyk na wat ander doen en vir hulle gegee word nie. Dit spreek egter nie die werklikheid aan dat 'n groot deel van die gemeente die beleving van die nagmaal nie as positief beleef nie. Die dooplidmaat se ervaring van die nagmaal vra ons aandag. Ons kan nie die besinning van die betrokkenheid van dooplidmate tydens die "nagmaaldiens" afsluit met 'n konstatering dat net belydende lidmate 'n plek aan die nagmaalstafel het nie.

Kerkorde Artikel 60

Word hierdie artikel nou 'n pleidooi vir dooplidmate aan die nagmaaltafel? Verseker nie. Die belangrikheid van die praktyk om slegs belydende lidmate te laat nagmaal vier, bly belangrik. Ons kerklike afspraak hieroor staan in Artikel 60 van die Kerkorde. Die kerkraad sal slegs diegene wat belydenis van hulle geloof afgelê het en wat godvresend lewe, tot die nagmaal van die Here toelaat. Die karakter van die gemeente as 'n belydende gemeente word hierdeur beskerm.

By Calvin se verstaan van die nagmaal lees ons tereg van 'n klem op die tweesydigheid daarvan. Die Here wil deur die nagmaal die swakheid van ons geloof ondersteun en versterk. Tegelyk is die nagmaal ook 'n manier waarop ons ons geloof voor God en mense bely. Die nagmaal is nie net 'n maaltyd waarin ons geloof versterk word nie; dus nie slegs 'n maaltyd *vir* ons geloof nie. Dit is ook 'n maaltyd *van* geloof, m.a.w. 'n maaltyd wat in geloof geniet word. Die uitgangspunt is dat die maaltyd bedoel is om geniet te word deur hulle wat die betekenis daarvan reeds verstaan. In die bekende woorde van Paulus stel ons dit soos volg: "die wat in staat is om die liggaam en bloed van die Here te onderskei".

Van die viering uitgesluit?

Beteken dit egter dat die dooplidmate van die gemeente uitgesluit is van die feestelikheid en bemoediging in die geloof van die nagmaal? Het dooplidmate nie juis die aanmoediging so nodig om ook te kom tot 'n volwasse belydenis van hulle geloof nie? Die nagmaal kan tog ook vir hulle 'n uitnodigende aanmoediging wees om in geloof te antwoord op die belofte wat na elkeen van hulle in hul doop gekom het.

Die dooplidmate het saam met die hele gemeente deel aan die lering

wat plaasvind tydens die nagmaaldiens. Saam luister hulle immers na die prediking van die Woord en die onderrig uit die formulier. Maar die diens is tegelyk veel meer as net die lerende gedeelte. In die nagmaal gee die Here juis vir ons geleentheid om die verlossing ook te mag vier. Deur sigbare handeling. Ons neem. Ons eet. Ons gedenk. Ons glo. Deur te sien, te voel, te doen en te proe, word ons geloof versterk en word die verlossing gevier.

Ek sal graag 'n pleidooi wil voer daarvoor dat dooplidmate handelend ingesluit sal word by die viering van die verlossing. My fokus is daarom op die liturgiese vraagstuk eerder as om die meer dogmatiese vraag te probeer aanspreek of dooplidmate aan die nagmaaltafel moet gaan. Ek wil besinning aanmoedig oor die manier waarop ons die erediens waarin die nagmaal gevier word, só invul dat dooplidmate dit ook as 'n feis kan ervaar en dat dit ook daarom vir hulle geloof (!) 'n versterking sal wees. Ook ons kinders glo of moet nog dringend tot geloof kom. Sal ons dan nie die erediens waarin die nagmaal feestelik aan die orde kom, óók vir die dooplidmate wil benut nie?

Erediens

Niemand van ons sal wil ontken dat die erediens ook bedoel is vir die kinders/ jongmense nie. Hulle hoort daarby! Die erediens is 'n geleentheid waarin die verlossingsdade van die Here gedenk word. Ons hoor dit aan ons verkondig. Ons sing daarvoor. Dit word sigbaar aan ons uitgebeeld in die sakramente. Ons vertel vir mekaar al singende van die Here se goedheid en genade. Dit doen én belydende én dooplidmate tog?!

Dit is juis opvallend dat die groot feis van die volk Israel in die Ou Testament nie gevier kon word sonder die kinders nie. Die kinders moes vasgestelde vrae vra. Vrae oor

Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Redaksie:

M de Vries

J Moes

P Hofsink

Redaksie:

Mev. JW Douma

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

e-pos: jdouma@absamail.co.za

E-pos:

Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.**u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	•10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	•30
	Lugpos	•40

die noodsaak van die bitter kruie. Daarop is vir hulle antwoorde gegee. Maar die antwoorde aan die kinders was ook bedoel vir die onderrig aan die volwassenes. Die volwassenes moes leer uit die vasgestelde vrae van die kinders.

Die nagmaal en erediens is 'n geleentheid waarin ons liefde vir die Here versterk en vernuwe moet word. Sal ons dan nie maksimale benutting daarvan soek deur die dooplidmate so nou as moontlik by die viering te betrek nie? In plaas daarvan om die dooplidmate so goed as te ignoreer, sou ek wou pleit om die dooplidmate maksimaal te betrek by die feestelikhede. Wanneer ons tuis as gesin saamkom om uit die Woord van die Here te lees en te bid en te sing, sal ons nie daaraan wil dink om die kinders daarvan uit te sluit nie. Inteendeel!! Ons het juis, as alles goed is, besondere aandag vir die kinders. Ons gee geleentheid vir hulle insette, vir hulle vrae en vir hulle gevoelens.

Invulling

Nou is ons by die moeilikste deel. Ons kan almal mekaar heel goed daarin vind dat ook die dooplidmate by die nagmaalsviering hoort. Niemand wat erns maak met die karakter van God se verbond met ons en ons kinders, sou daarteen iets wou sê nie. Maar hoe gee ons invulling hieraan?

Dit begin natuurlik alles by 'n eerlike erkenning dat daar 'n veel groter aandag vir die jonger lidmate in ons eredienste behoort te wees. Ten minste, laat ek vir myself spreek as gereelde voorganger in my plaaslike gemeente! As ouer van vier kinders het ek steeds meer begin vrae vra oor die manier waarop al die kinders van die Here in die eredienste betrek word. Ons kinders moet tot geloof kom. Hulle mag die eredienste as feestelike geleenthede beleef.

Na my mening is dit nie net vir jongmense nie, maar ook vir volwassenes nodig om dringend bewus te word dat die erediens nie 'n geleentheid is om 'n preek te kom hoor nie. Die gemeente kom saam om te vier, te

hoor, te bid, te vertel en te doen. Daar sal duidelik aandag moet kom vir die handeling van die gemeentelede. Ons is byvoorbeeld daaraan gewoond om ons kollekte al sittende in die banke te gee. Sal ons nie geleentheid vir die lidmate kan gee om hulle gewes na voor in die gemeente te bring nie? Soos ons dit doen juis aan die nagmaaltafel wanneer die gewes daar in 'n houer gedeponeer word. Sou daar nie geleentheid gegee kan word dat die dooplidmate van die gesinne die gewes na vore kan bring om in 'n aangewese houer te deponeer nie?

Juis wanneer die belydende lidmate na die nagmaaltafel stap, sou die dooplidmate hulle kon toesing. Of die sang aan die tafel kan ingerig word in die vorm van beurtsang waardeur die groepe mekaar toesing en mekaar onderrig en aanmoedig in die geloof. Dit sal wel beteken dat ons die sang moet herken as iets wat veel meer is as maar net 'n mooi raam rondom die preek of die uitdeel van die tekens van brood en wyn. Sang is ook 'n manier om mekaar te onderrig (Kol 3:16). Hoe aangrypend kan dit nie wees wanneer dooplidmate hul vreugde uitsing oor die belydende lidmate wat aan die tafel gaan nie! Vanaf die tafel kan 'n antwoord en aanmoediging vir die dooplidmate kom in sang! Bekwame en geoefende musiek sal deur dooplidmate gemaak kan word terwyl die brood en wyn aan die tafel uitgedeel en gebruik word.

Gemeenskapsmaaltyd

In ons nagmaalsformulier word ons tereg gewys op die "gemeenskapskarakter" van die nagmaal. Dit vier die eenheid van almal wat "deur 'n ware geloof by Christus ingelyf is". Maar dit is ook 'n oproep om saam te leef in ware broederlike liefde. Laat ons die dooplidmate hiervan nie uitsluit nie. Hulle is ook in die gemeente van Christus ingelyf deur die doop (HK Sondag 27). Laat daar vir hulle geleentheid en rede wees om ook bly te wees, hul vreugde te wys en aan die Lam die eer te gee. Ook die dooplidmate verwag die bruilof van die Lam wat kom! ✠